

in gevaar bring. Tot 'n prinsipiële wrywing met die Britse regering het die dubbele presidentskap van M. W. Pretorius egter nie gelei nie, ook omdat hy reeds in 1863, na vergeefse pogings om 'n beter verhouding met Mosjes te skep, sy suidelike amp neergelê en na die Transvaal teruggekeer het om sy posisie daar te handhaaf.

Nou is Jan Brand tot president van die Vrystaat gekies. Hy was 'n Kaapse regsgeleerde, en grotendeels as gevolg van sy bekwame en vakkundige leiding het die Vrystaat die naam van 'n modelrepubliek verwerf. Hy staan bekend in die geskiedenis as 'n man wat met besadigde krag sy volk geleer het om in die politiek met wat werklik bereikbaar is, tevrede te wees. Nie onverstandig haastig of voortvarend wees nie; alles sal regkom, as ons almal ons plig doen — dit was sy leuse. Ernstig en kalm het hy ook die Basoetoemoeilikhede aangepak. Die groot verlies wat die Vrystaters in Augustus 1865 gely het, toe Louw Wepener in 'n vergeefse poging om Thaba-Bosigo, Mosjes se sterkte, te storm, gesneuwel het, en die ontsettende verliese van die volgende jaar het hom nie van streek gebring nie. Ook die groot oormag van die Basoetoes (hulle het 200,000 siele getel, en die bevolking van die Vrystaat was maar 35,000) en hulle militêre bekwaamheid (hulle was ruiters met gewere gewapen) het hom nie afgeskrik nie. Deur doeltreffende organisasie en met die steun van 'n volk wat tot die grootste offerings bereid was, het hy vir Mosjes reeds in 1866 op die knie gebring, en by die verdrag van Thaba-Bosigo moes die Basoetoeopperhoof sy toestemming tot 'n nuwe en duidelike grenslyn gee.

Nou verskyn sir Philip Wodehouse op die toneel. Volgens die gees van die Bloemfontein-konvensie, skaars twaalf jaar tevore gesluit, moes hy sy hande tuishou; maar Mosjes het in sy benoudheid gesoek om met sy volk onder die beskerming van die koningin van Engeland geneem te word; en Wodehouse in sy kapasiteit as hoë kommissaris het gemeen dat hy moes ingryp. Hy matig hom dus die gesag aan om die nuwe grensreëling af te keur, en Mosjes, versterk deur die gedagte dat hy op Britse steun kon reken, vat weer moed en sit die oorlog voort. In 1867 verneem Wodehouse dat die Britse regering instem om die Basoetoes as Britse onderdane in die Ryk op te neem (die konserwatiewe was destyds aan die bewind), en hy laat die vegtende partye weet dat hy op dié basis sal kom vrede maak. Die Basoetoes was gewillig, omdat hulle alweer in die benoudheid was, maar die Vrystaters het Wodehouse se voorstel afgeslaan. Hy stop toe, nieteenstaande die duidelike ver-

klaring in die Bloemfontein-konvensie, hulle ammuniesietoevoer, en toe dit nog nie help nie en die Basoetoes die een neerlaag na die ander ly, bring hy troepe na die grens en proklameer op 12 Maart 1868 die Basoetoes tot Britse onderdane.

Ons het hier te doen met een van die eerste maatreëls van die nuwe Britse imperialisme in Suid-Afrika, en ons sal later, wanneer ons dié groot beweging in sy hele omvang leer ken het, die betekenis van die anneksasie van Basoetoland beter begryp. Ook die magte wat destyds in 'n dreigende botsing met die Vrystaat te staan gekom het, sal dan duideliker aan die lig tree. Die volksraad was miskien nie bewus genoeg van die gevaar wat 'n ernstige wrywing met Engeland in 1868 vir die republiek kon oplewer nie; die lede het nie geweet, watter groot omkeer daar sedert 1854 in die Britse beskouings aangaande kolonies en ryksuitbreiding plaasgevind het nie; en baie van hulle was bereid om desnoods met die wapens die aanspraak van Wodehouse, om op die oomblik van hulle oorwinning tussenbei te kom, af te slaan. Jan Brand was gelukkig beter ingelig en in sy oordeel meer ewewigtig, en onder sy besadigde leiding het die Vrystaters hulle verontwaardiging verkrop en hulle by die vredesbepalings van die tweede konvensie van Aliwal-Noord (12 Februarie 1869) waar Wodehouse die hoofrol gespeel het, neergelê. Heelwat grond, wat volgens die verdrag van Thaba-Bosigo aan die Vrystaat toegevoeg sou geword het, is aan die Basoetoes teruggegee. Hierdie afstand van met bloed en tranes verworwe terrein, waarop die Vrystaters, ook afgesien van die reg van verowering, gemeen het 'n billike aanspraak te hê, het hulle Wodehouse nie vergewe nie, en sy ingryping in hulle aangeleenthede het 'n bitter gevoel agtergelaat, wat kort daarop as gevolg van verdere aantasting van hulle gewaarborgde regte nog skerper sou gemaak word. Dat die Basoetoes onder die gesag van die Britse regering, wat voortaan deur residente by die hoofde verteenwoordig was, minder lastige bure geword het, was wel 'n groot verligting, maar dit kon nie teen Wodehouse se ingrypings opweeg nie. In 1869 staan hy dus noord en suid van die Oranjerivier bekend as 'n onsimpatieke outokraat en 'n vyand van konstitusionele vryheid.

In die sessie van die Kaapse parlement wat in die begin van 1870 geopen is, het Wodehouse sy finale en beslissende neerlaag gely. Hy stel 'n wetsontwerp voor om die bestaande konstitusie ingrypend te verander. Hy wil net een wetgewende kamer hê wat uit gekose en benoemde lede sal bestaan. Sy posisie was egter baie swak. Die opgehoopte skuld van die

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Kolonie was by £1,500,000, en hiervan is twee-derdes aangegaan om die jaarlikse regeringstekorte te dek. Dit was duidelik dat 'n goewerneur wat sy parlement nie daartoe kon beweeg om die nodige geld vir administrasie en noodsaaklike verbeterings deur nuwe belastinge te vind nie, magteloos was, m.a.w. dat in 'n stryd tussen die uitvoerende en die wetgewende mag die laasgenoemde die oorwinning moes behaal, solank soos dit die beurs hou. Gelukkig was destyds alweer 'n liberale ministerie onder Gladstone aan die bewind in Engeland (1868 — 1873), en terwyl Wodehouse sy eie oplossing van die konstitusionele moeilikheid voorstel, moes hy ook volgens opdrag van die Britse regering daarop wys dat ook 'n ander uitweg moontlik was. In die troonrede by die opening van die parlement was hy dus genoodsaak om twee alternatiewe te stel: versterking van die uitvoerende mag ten koste van die wetgewende, of omgekeer, d.w.s. verantwoordelike bestuur. Dit was ook reeds bekend dat Wodehouse nie veel langer aan die Kaap sou gelaat word nie, en die konstitusionele liberale kon met vertroue die dag tegemoet sien, wanneer die groot beginsel waarvoor hulle so lank geywer het, sou seëvier. Die volgende uittreksels uit 'n brief van Granville, Gladstone se minister van kolonies, wat Wodehouse aan die parlement moes voorlees, het die hele posisie duidelik uiteengesit, en die slotsin bevat 'n ernstige berisping vir die goewerneur. „It becomes necessary, therefore, to bring the executive government and the representative legislature into harmony, either by strengthening the influence of the government over the legislature, or by strengthening the influence of the legislature over the government. If the colonists will not allow themselves to be governed — and I am far from blaming them for desiring to manage their own affairs, or from questioning their capacity to do so, which is seldom rightly estimated till it is tried — it follows that they must adopt the responsibility of governing. The policy, therefore, which I shall enjoin on your successor will be that of pointing out to the colonists that in one way or another a change in their constitution is inevitable, and of explaining to them that her Majesty's government look upon the present constitution as an inadequate and transitional one. As to what change should take place. . . . I should wish to be guided by their deliberate conclusions. At present, I think it is undesirable even to indicate an opinion upon it.”

Wodehouse se konstitusionele voorstel is met 'n groot meerderheid verwerp, en in Mei 1870 het hy die Kaap verlaat. Hy is later tot goewerneur van Bombaai benoem, waar hy sy outo-

kratiese konstitusionele teorie ongehinderd kon toepas. Sy opvolger hier was sir Henry Barkly, wat egter eers in Desember 1870 aangekom het. Luitenant-generaal Hay was in die tussentyd agerende goewerneur.

§ 3. Verantwoordelike Bestuur.

Die opdrag waarmee sir Henry Barkly na die Kaap gekom het, was duidelik. Dit was nou vir die koloniste self om te besluit, watter soort van konstitusie hulle wou hê. In 1871 was dit die brandende kwessie. Molteno se party het 'n meerderheid in albei kamers gehad, maar die oostelike lede het gekeer wat hul kon, en toe hulle oorstem is, het hulle by die Britse regering gaan hulp soek. Hulle was bang vir Hollandse oorheersing, en hulle wou óf die oostelike provinsie afgeskei sien óf geen verantwoordelike bestuur hê nie. Gelukkig vir die Kaap dat die Britse liberale destyds in Engeland aan die bewind was. Die oostelike weeklagte het op dowe ore geval, en in 1872 is 'n wet deur die Kaapse parlement aangeneem en onmiddellik deur die Britse parlement bekragtig, wat verantwoordelike regering aan die Kaapkolonie gegee het.

Wie hierdie wet opslaan, sal deur sy korthed getref word. Ons vind eenvoudig dat die bepaling wat mense in staatsbetrekkings, waaraan besoldiging verbind is, verbied om parlamentslede te word, so ver gewysig is dat dit op sekere persone nie meer van toepassing is nie. Voortaan mag die koloniale sekretaris, die tesourier van die kolonie, die prokureur-generaal, die kommissaris van kroongronde en publieke werke en die sekretaris van naturellesake, nieteenstaande die feit dat hulle uit die skatkis besoldig word, gewone gekose en volgeregtigde parlamentslede wees. Hierdie amendemente het verantwoordelike regering moontlik gemaak, maar die werklike uitvoering daarvan het nie deur wetgewing geskied nie.

Ons moet tussen twee soorte van konstitusies onderskei — beskrewe en onbeskrewe. Soos ons weldra sal sien, berus die hele regeringstelsel van die Verenigde State van Noord-Amerika op 'n beskrewe grondwet, en ons weet dat dit ook die geval in die Vrystaat en Transvaal was. Die Britse konstitusie daarenteen is nie in een of ander wet duidelik en volledig neergelê nie. Daar is wel 'n aantal wette wat stukke daarvan in 'n skriftelike vorm bevat, maar dit berus ook vir 'n groot gedeelte op onbeskrewe tradisies, gebruike en verstandhoudings. So is dit b.v. bestaande gebruik, dat die koning of koningin tot eerste minister sal benoem die leier van die sterkste politieke

party in die parlement, dat dié persoon sy ministeriële kollegas self uitsoek, en dat hy en sy kabinet moet bedank, as hulle nie meer die steun van die meerderheid in die laer huis het nie. In hierdie praktyk sit die wese van verantwoordelike regering. Die ministers, wat verwag word om parlamentslede te wees, beoefen die uitvoerende mag namens die kroon, maar die kroon moet altyd volgens hulle advies handel, en hulle dra dus die hele verantwoordelikheid vir al hulle doen en late. In die parlement en daarbuite moet hulle rekenskap van hulle rentmeesterskap gee, en as hulle nie meer die vertroue van die meerderheid van die volk soos verteenwoordig in die parlement besit nie, dan moet hulle plek maak vir ander ministers wat dit wel het.

Soos gesê, het die amendemente van 1872 die invoering van hierdie stelsel aan die Kaap moontlik gemaak, maar die invoering self was die gevolg van 'n instruksie van die Britse regering aan die goewerneur. Hy het opdrag gekry om die bo uiteengesette konstitusionele praktyk as verteenwoordiger van die Britse kroon in die Kaapkolonie in beoefening te bring en so wrywing tussen uitvoerende en wetgewende gesag onmoontlik te maak. Vir 'n deel het die Kaapse konstitusie na 1872 dus op 'n beskrewe grondwet en vir 'n baie belangrike deel op 'n onbeskrewe oorgeplante tradisie berus, en dit is nog die konstitusionele posisie vandag in die Unie van Suid-Afrika en in al die ander selfregerende dele van die Britse ryk.

Heeltemal parallel met die Britse praktyk was die nuwe stelsel in die kolonies egter ook nie. In Engeland moet die kroon alle besluite van die parlement bekragtig. In die kolonies was die goewerneur, die verteenwoordigers van die kroon, selfs na die invoering van verantwoordelike bestuur nie verplig om dit te doen nie. Hy kon weier om 'n wet of regeringsbesluit te onderteken en kon dit na die Britse kroon vir goed- of afkeuring verwys, en aangesien die Britse kroon altyd volgens die advies van die Britse regering moet handel, het dit beteken dat die Britse regering, nie die koning of koningin nie, 'n wet van die Kaapse parlement of 'n besluit van die Kaapse regering ongeldig kon verklaar. Die Britse parlement was nog altyd die hoogste wetgewende mag in die Britse ryk en kon in teorie selfs wette vir die selfregerende kolonies maak. In die praktyk het dit nie gebeur nie, maar dit was vanselfsprekend dat 'n Britse oorlogsverklaring, om 'n voorbeeld te neem, op al die kolonies van toepassing was.

Om die konstitusionele posisie van die Kaap na 1872 goed

te begryp, is dit eindelijk nog nodig om uit 'n meer algemene standpunt die wese van die selfregering wat dit gekry het, in oënskou te neem. Ons het totnogtoe van 'n drieledige indeling van regeringsmagte melding gemaak. Wanneer ons egter aan die hoogste staatsmag, die sogenaamde soewereine mag van 'n onafhanklike land, dink, dan moet ons met 'n tweeledige verdeling begin. Soewereine mag beteken volmag na binne en volmag na buite; m.a.w. 'n heeltmal soewereine staat kan binne sy eie grense en daarbuite doen wat hy wil — aangenome natuurlik dat hy nie deur 'n ander soewereine staat deur wapengeweld of andersins by die uitvoering van sy planne en besluite verhinder word nie. Die Kaapkolonie was na 1872 geen soewereine staat nie. Volmag na binne het dit in 'n groot mate besit, ofskoon dit ook in hierdie opsig onder die oppergesag van die Britse parlement en regering gestaan het; maar van volmag na buite was natuurlik geen sprake nie. Anderkant die grense van die kolonie het die Kaapse parlement en regering geen gesag gehad nie, en die Britse regering was die enigste erkende orgaan wat met en aangaande state en gebiede buitekant die grense van die ryk onderhandelings gevoer het. Op hierdie belangrike beperking van die mag van die Kaapse parlement moet met die oog op verdere ontwikkelings in die geskiedenis van Suid-Afrika met nadruk gewys word, en die eienaardige posisie waarin die Kaapse goewerneur as gevolg daarvan te staan gekom het, moet ook beklemtoon word. As goewerneur was hy grotendeels gebind aan die besluite van die Kaapse parlement en regering; as hoë kommissaris daarenteen moes hy buitekant die grense van die kolonie aan die besluite van die Britse parlement en regering uitvoering gee. En so kon dit dan gebeur dat gebiede grensende aan die Kolonie, in stryd met die wense van die Kaapse parlement, deur 'n proklamasie van die hoë kommissaris onder die Britse vlag gebring is.

In Desember 1872 is die eerste verantwoordelike ministerie in Kaapstad ingesweer. John Molteno, die groot kampvegter vir selfbestuur, was eerste minister, en John Henry de Villiers, die beroemde hoofregter van later, het prokureur-generaal geword. Die Kaapkolonie gaan nou 'n nuwe konstitusionele tydperk in. Op ekonomiese gebied staan dit reeds in 1872 in 'n nuwe periode, 'n tyd van minerale ontginning, wat tot groot materiële vooruitgang, maar ook tot ernstige politieke wrywing en bloedige oorloë gelei het. Baie interessant en dramaties sal ons verhaal nou weer word, en ongraag sny ons die draad daarvan hier weer af. Maar dis nodig. Nie alleen Suid-Afrika

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

nie, maar byna die hele beskaafde wêreld het teen hierdie tyd 'n nuwe tydperk ingegaan; en ons sal ons eie geskiedenis nie reg begryp nie, ons sal dit nie in sy regte perspektief sien nie, tensy ons weer die groot oorsese ontwikkelings, wat direk en indirek ook vir Suid-Afrika van betekenis was, in hooflyne nagaan. Nouer as ooit tevore het die bande geword, wat ons land met die groot beskaafde oorsese wêreld verbind. Die stoomvaart en die telegraaf het afstande verkort, en ons myne het die belangstelling van die vreemdeling by Suid-Afrika bepaal. Onder 'n baie helder soeklig dus staan die eertyds ongeagte suidhoek van Afrika, en om onself te ken, moet ons ook sien hoe ander na ons gekyk het.

BOEK III.

DIE NUWE IMPERIALISME.

HOOFSTUK I.

GEESTELIKE EN MATERIËLE AGTERGROND VAN DIE IMPERIALISME.

§ 1. Sy Grondslag.

In Suid-Afrika het die nuwe imperialistiese tydperk taamlik skielik aangebreek, maar selfs hier is dit onmoontlik om met een bepaalde datum die begin daarvan vas te stel. In die oorsese lande was die oorgang nog veel meer geleidelik, en die naaste tydsbepaling wat ons aan die nuwe imperialisme in die algemeen kan gee, is om te sê dat dit gedurende die laaste dertig jaar van die neëntiende eeu groot opgang gemaak het en in die begin van die twintigste sy hoogtepunt bereik het. Dit was 'n groot wêreldbeweging, of beter gesê, 'n groot wêreldverandering, verskillend van vorm en inhoud in verskillende lande. Baie uiteenlopend was ook die aanleidende oorsake daarvan, en dis veral wanneer ons die algemeen kulturele en materiële agtergrond van hierdie belangrike periode wil probeer aandui, dat ons voel hoe onmoontlik dit is om van een of ander duidelike beginjaartal te praat.

Die eintlike grondoorsake van die nuwe imperialisme moet op die gebiede van die wetenskap en die tegniek gesoek word, en die moderne ontwikkeling op hierdie gebiede is 'n internasionale en deurlopende proses. Baie beskaafde lande het daartoe bygedra, en die hele wêreld pluk die vrugte daarvan. Die een ontdekking, uitvindsel en verbetering volg die ander, en dis op slot van sake die totaliteit van die nuwe en nuutste uitvloeiels van die menslike vernuf wat 'n nuwe wêreld met nuwe probleme, nuwe ideale, nuwe lewensomstandighede en nuwe lewensbeskouings geskep het.

Hierdie nuwe wêreld is veel kleiner as dié van ons voorouers. Deur verbeterde verkeers- en verbindingsmiddels en deur ekonomiese betrekkings is ver verwyderde lande en volke veel nader aan mekaar gebring as ooit tevore, en hulle het onderling van mekaar afhanklik geword. Maar nie alleen op hierdie manier het ons wêreld vir ons klein geword nie. Ook

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

ten opsigte van ander wêreldes is ons gesigseinder veel helderder geword. Reeds aan die end van die 17de eeu het Newton die werk van sy groot voorgangers, Galileo en Copernicus, voortgesit en die natuurwette, waarvolgens ons aardbol sy beskeie plek in die heelal inneem, vir ons beskrywe, maar oneindig verder het die astronomiese wetenskap van die neëntiende eeu ons kennis in hierdie rigting uitgebrei.

Veral die groot ontdekking van twee Duitse geleerdes, Robert Kirchhoff (1824—1887) en Robert von Bunsen (1811—1899)—nl. dat die vorm wat opgebreekte ligstrale in die sogenaamde spektrum aanneem, nêrdat hulle deur gasse gegaan het, die aanwesigheid van sulke gasse, b.v. in gloeiende sterre, miljoene maal miljoene myle van die aarde verwyder, met sekerheid aandui—stel die astronoom vandag in staat, nie alleen om die afstand, grootte en gewig van sulke sterre te bepaal nie, maar ook om te sê waarvan hulle gemaak is. Ons kyk vandag met ander oë na die sterrehemel. Ons weet dat ons aardbol 'n klein planeetjie in een van duisende ander sonnestelsels is; dat al die vaste sterre wat aan die hemel skitter, sonne is van soortgelyke maaksel as ons son en in baie gevalle veel groter; dat elkeen van hulle waarskynlik sy eie planete het; dat dieselfde astronomiese, fisiese en gemiese wette dwarsdeur die heelal geldig is, en dat ons ons dus die vraag moet stel of die Skepper Wie se asem die lewe is, ook nie op ander planete in ander sonnestelsels lewende wesens tot stand gebring het nie. En ons voel hoe klein, hoe nietig ons aarde is, maar ook hoe groot die mens wat dit alles kan uitvind en vermoed. Nader aan mekaar gebring is dus die mensdom, in sy vlug op 'n stoffie deur die onmeetlike ruimte, en mikroskopies klein moet elke mens hom voel as hy hom met die matematiese maatstaf van die sterre meet; maar oneindig groter en meer betekenisvol het die onmeetbare lewe geword, wat in hom is; en ons sal dan ook nie verwonder wees om te verneem nie dat die geheim van dié lewe in die nuwe tyd meer die aandag begin trek het as ooit tevore. Elke menslike siel het 'n nuwe waarde gekry. Elke individu het in betekenis toegeneem. Of dié waarde en betekenis met 'n juiste maatstaf gemeet word, is egter 'n verdere vraag, waarby ons later sal kom. Ons moet eers die grondslag van die nuwe tyd meer in besonderhede aandui.

Wetenskap en tegniek het hand-aan-hand gegaan om die geheime van die natuur aan die mens te openbaar en die kragte van die natuur vir sy diens beskikbaar te stel. Die volle betekenis van die aanwending van stoomkrag in treine, skepe en fabriekes het eers in die tweede helfte van die neëntiende eeu,

as gevolg van tegniese verbeterings en wyer toepassing, heeltemal duidelik aan die lig getree. Die industriële omwenteling van die begin van die eeu is nooit afgesluit nie. Dit het steeds meer intens geword, en die verste kuste is onder sy invloed gebring. Duisende van staalskepe, met ontsaglike swaar vragte, deurkruis die oseane in alle rigtings, en met 'n snelheid wat vir Fulton en Bell nie denkbaar kon gewees het nie. In alle beskaafde lande ontstaan ingewikkelde kruisnette van spoorweë, en waar die witman se stem byna nog nie gehoor was nie, weerklink die gefluit van die lokomotief. In Noord-Amerika wedywer Kanada en die Verenigde State in die bou van transkontinentale spoorweë; in Suid-Afrika droom Cecil Rhodes van 'n Kaap-Kairo-spoor en vind in Kimberley die geld om uit die suide uit sy groot plan te bevorder; en in 1901 het die Russiese tsaar die spoorverbinding van Wladiwostok aan die kus van die Stille Oseaan met sy rykshoofstad, Sint-Pietersburg, deurgevoer. So word die wêreld ingekrimp. Afgeleë lande word nader aan Europa gebring. Kolonies kry 'n nuwe betekenis. Sonder die wol van Australië, Nu-Seeland en Suid-Afrika kan die fabriek van Engeland en Skotland nie bestaan nie, en selfs vir sy kos word Europa vir 'n groot deel afhanklik van oorsese toevoer. Die mense van Londen, Birmingham, ens., eet vleis, botter en eiers wat, in koelkamers vars gehou, uit Amerika of die groot kolonies van die suidelike halfrond afkomstig is, en 'n paar weke na die ooste ingesamel is, verskyn die koring van Amerika en Australië in die vorm van brood op die tafels van Europa.

Stoomkrag, deur die mens beheer, het wonderwerke verrig, maar ook ander kragte is deur hom ingespan, en van dag tot dag neem hulle betekenis toe. As gevolg van langdurige studie van elektriese verskynsels in baie lande en deur baie navorsers kon Morse, 'n Amerikaner, in 1837 die telegraaf in 'n praktiese vorm aan die wêreld gee, en met die jare het alle beskaafde lande dit nodig gevind om meer en meer daarvan gebruik te maak. In 1846 is die eerste ondersese telegraafkabel gelê tussen Portsmouth en die eiland Wight, aan die suidkus van Engeland. In 1850 is Dover en Calais ook so verbind; en in 1866 het die groot stoomskip, the *Great Eastern*, vir die eerste kavel op die bodem van die Atlantiese Oseaan 'n veilige lêplek gevind en Noord-Amerika met Engeland en Europa in oombliklike kontak gebring. Soortgelyke verbindings het daarna mekaar suel opgevolg, en lank vóór die end van die eeu was die nuus van die wêreld in alle dele daarvan byna gelyktydig bekend, en kon die Britse regering b.v. met die goewer-

neurs van die verste kolonies telegrafies gedagtes wissel. In die tussentyd het ook die telefoon sy verskyning gemaak. Teen 1860 het 'n Duitser, Reis, die grondbeginsels daarvan in 'n instrument, wat egter nog nie prakties bruikbaar was nie, vasgelê, en veral die Amerikaners het daarop verder gewerk. Die naam van Bell moet in hierdie verband genoem word, maar dit was by uitstek Edison wat in ons eie tyd die telefoon vir daaglikse gebruik geskik gemaak het. Hierdie merkwaardige man het oneindig veel tot die vooruitgang van die wêreld bygedra. Tot in sy gryse ouderdom wy hy sy verbasende kennis en werkkrag daaraan om deur die praktiese toepassing van nuwe wetenskaplike ontdekkings die lewe te vergemaklik en aangenamer te maak. Tot watter perfeksie hy uiteindelik die grammofoon gebring het, weet iedereen. Minder bekend is miskien die feit, dat die invoering van elektriese verligting in Nu-York in 1882 ook sy werk was. Gelyktydig met Marconi, die beroemde Italianer, het hy ook met die probleem van draadlose telegrafie besiggehou, maar die grootste eer op hierdie gebied kom ongetwyfeld laasgenoemde toe. In 1897 het Marconi die eerste draadlose boodskap op die golwe van die eter oor die Bristol-kanaal gestuur. Jare van verbetering was daarna nog nodig, maar vandag is die draadlose transmissie van klanke geen merkwaardigheid meer nie, en ons weet dat ons binnekort nie alleen 'n persoon, duisende myle van ons verder, sal kan hoor praat of sing nie, maar dat ons hom of haar op 'n doek voor ons in lewende beweging sal kan sien. Televisie is reeds 'n feit.

Met die aanwending van elektrisiteit as bewegekrag het dit betreklik langsaam gegaan. Reeds in 1867 het 'n geniale Duitser, Werner Siemens, die grondbeginsel wat daarby van groot betekenis is, die sogenaamde dienamoprinsiep, ontdek, maar dit het nog geruime tyd geduur voordat dit op groot skaal in die industrie ingevoer is. In die verkeerslewe het dit ook lank 'n beskeie rol gespeel, en sedert die jare '80 is dit op hierdie gebied meesal alleen vir stedelike straatvervoer (trems) aangewend; maar vóór die end van die eeu is ingesien dat elektrisiteit die bewegekrag van die toekoms sal wees. Die elektrifisering van fabriekke, treine ens. het geweldig toegeneem; die opgegaarde krag van die son, wat in koolmyne vir ons bewaar is, word in elektrisiteit omgesit en honderde myle gelei om werk vir ons te doen; ook die blote swaartekrag van water, in riviere en watervalle, kom so getransformeer meer en meer tot aanwending; en die tyd nader ook vir Suid-Afrika dat die

arbeidsprobleem op baie meer gebiede as vandag in elektrisiteit sy oplossing sal vind.

Die gebruik van ontplofbare vloeistof om krag te ontwikkel is grotendeels 'n uitvinding van die twintigste eeu. Die eerste petroleumboorgat is wel reeds in 1859 in Amerika gemaak, en twintig jaar later was die verbruik van minerale olie vir brandstof al so groot, dat 'n Amerikaanse „Petroleum Trust,” een van die eerste van sy soort, tot stand gekom het, maar petroleum was voorlopig nog alleen baie belangrik as ligverskaffingsmiddel. Die motor was egter aan die kom. In 1885 het Daimler en Benz in Duitsland, op die voorbeeld van 'n Fransman, motorkarre begin maak, en dit het nie lank geduur nie, of manne in ander lande, die Verenigde State by uitstek, het die moontlikhede van hierdie nuwe masjien begin insien. Baie verbeterings was egter nog noodsaaklik, en die motor soos ons hom vandag ken, is skaars 'n kwarteeu oud.

In die skeepvaart en by vervoermiddels op land het die motorkrag reeds 'n ware rewolusie teweeggebring, en wat die lug betref, meer as 'n rewolusie. Sonder die motorkrag sou die twee waaghalserige Amerikaners, Wilbur Wright en sy broer, nie in staat gewees het om in die begin van die twintigste eeu aan 'n hoofskuddende wêreld te wys nie, dat die mens in 'n masjien wat swaarder as die lug is, soos 'n voël deur die lug kan vlieg, en sou die verbasende verdere ontwikkeling van die vliegkuns in ons eie dae onmoontlik gewees het. Daarsonder sou ook graaf Zeppelin, die skepper van die lugskip, sy groot ideaal nie kon verwesenlik het nie. „Die verowering van die lug” deur die mens het gelyktydig met die ontwikkeling van die motorkar gegaan, en nes laasgenoemde is dit eers gedurende die jongste groot wêreldoorlog vir krygsdoeleindes met deurslaggewende uitwerking aangewend. Die bioskoop is ewe modern. Reeds in 1838 het die Fransman, Louis Daguerre, die eerste fotografieë op 'n betreklik primitiewe manier gemaak. 'n Lang reeks van verbeterings het gevolg, en eers nadat die fotografiese kuns 'n baie hoë peil bereik het, kon dit ook vir die daarstel van bewegende beelde gebruik word.

Menigvuldig is werklik die wondere van die moderne tegniek, en ons sou nog verdere voorbeelde daarvan tot in die oneindige kon aanhaal: — reusegeboue wat aan die wolke raak; onderaardse spoorweë wat onder riviere deur, soos die Teems, die Seine en die Elbe, waarop groot skepe vaar, 'n veilige aangename en vinnige vervoer verskaf; kanale soos by Suez en Panama, wat kontinente van mekaar skei en nader aan mekaar bring; brugge met spannings, waaraan ingenieurs hulle vroeër

nooit kon waag nie; drukmasjiens wat die produksie van koe-rante in miljoene eksemplare in 'n paar uur en teen onge-looëlik lae pryse moontlik maak; verbeterde landbougereedskap, elektriese skeermasjiens, stoom, en motorploëë, roomafskeiers, ens., ens. — Ons kan die lys nie langer uitrek nie; ons ruimte laat dit nie toe nie.

Oor die verbetering in die oorlogstaktiek moet egter nog 'n paar woorde gesê word. Die verbasende rewolusie wat op hierdie gebied in die laaste vyf-en-twintig jaar en minder plaas-gevind het, is deur die groot wêreldoorlog duidelik geword. Ons sidder om te dink watter nuwe verwoestingsmiddels die mens nou teen sy medemens kan aanwend: — kanonne wat op 'n afstand van dertig myl met een bom 'n groot skip na die kelder kan stuur, of 'n dorp in puin kan lê; gifgasse wat resji-mente uitroei; duikbote wat onverhoeds hulle torpedo's onder water afskiet en vlote vernietig; vliegmasjiens en lugskepe met bomme belaaï, waarteen skuiling byna nie meer moontlik is nie; gepantserde, beweeglike forte, die „tenks,” wat deur slote en oor heuwels onstuitbaar voorwaarts beur en alles voor hulle afmaai; ens., ens. Dis alles ontwikkelings van die jongste tyd; maar hoe rewolusionêr ook die veranderings mag wees wat hulle veroorsaak het, ons moet nie vergeet nie dat die laaste veertig jare van die neëntiende eeu in baie opsigte nie minder rewolusionêr vir die oorlogsvoering was nie. Die moderne „rifte,” met uitgeboorde draailoop en patroonmagasyn; die masjiengeweer wat aan een man die slagvaardigheid van 'n resjiment gee; die vérdraende kanon en die yster oorlogskip — was almal middels waaroor die nuwe imperialisme by sy aan-vang reeds beskik het, en waarsonder die Europese moondhede nie hulle wil op die wêreld kon afgedruk het nie. Twee jaar-talle wil ons hier noem. In 1859 het die Franse in twee gevegte by Magenta en Solferino in Noord-Italië, die doeltref-fendheid van die draailooppgeweer op 'n skitterende manier be-wys; en in 1862 het die eerste twee gepantserde oorlogsvaar-tuie, die *Monitor* en die *Merrimac*, in die Amerikaanse burger-oorlog met mekaar in botsing gekom. Daarna was dit duidelik dat houtskepe vir oorlogsdoeleindes nie meer bruikbaar was nie; en Engeland het sy „ironclads,” die voorlopers van die „dreadnoughts,” gebou. Ook die ander state het gevolg.

Ons het nou genoeg van tegniese verwoestingsmiddels ge-hoor; en dit sal verkwikkend wees om daarna te verneem hoe die wetenskap, veral sedert die middel van die neëntiende eeu, ook daartoe bygedra het om siekte en dood te bestry en die lewe van die mens veiliger en aangenamer te maak. Verbasend

was die vooruitgang op al die gebiede van die wetenskap, en die hoogste lof kom die groot bende van navorsers toe, wat in hulle studeerkamers en laboratoriums jarelank op 'n nuwe-grondslag nuwe kennis versamel het. Sonder hulle werk sou die tegniek geen vordering kon gemaak het nie. Die nuwe grondslag waarop hulle hul ondersoekings ingestel het, was die vaste oortuiging dat kennis alleen op ondervinding en waarneming kan berus. Hulle skerm nie meer soos die ou filosowe met woorde in die lug nie. Hulle neem niks as waar aan, as hulle nie 'n bewys daarvoor kan vind nie. Hulle redeneer minder. Hulle eksperimenteer en soek. Die ouer woordgeleerdes het met hulle gespot, maar onder aanvalle en minagting gaan hulle hul gang en skep die moderne wetenskap. So word b.v. Liebig, die groot Duitse gemikus (1803 — 1873), uitgelag, toe hy vóór die middel van die eeu in Giessen die eerste moderne gemiese laboratorium vir sy werk inrig; maar sy *Gemiese Brieue* van 1844 bring baie spotters tot swye, en hy staan vandag bekend as die vader van die landbougemie. So ook word Joseph Lister, 'n Engelse dokter, een van die grootste weldoeners van die mensdom, heftig aangeval, wanneer hy in die jare '50 die antiseptiese behandeling van wonde invoer, maar hy hou voet by stuk, en onder sy inspirasie het hospitale opgehou om broeiplekke van besmetting te wees, en is die mes van die snydokter van 'n vergiftende instrument in 'n ware redmiddel verander. Byna gelyktydig was Simpson in Edinburg besig om die doeltreffendheid van kloroform as verdowingsmiddel te bewys (1847), wat ook vir hom 'n ereplek in die geskiedenis, ver verheve bo dié wat dikwels aan wêreldverowersaars afgestaan word, behoort te verseker. Iets later volg dan die epogmakende ontdekking dat siektes deur kieme veroorsaak word. Robert Koch, 'n Duitser, vind in 1882 die teringbasil; omstreeks dieselfde tyd ontdek Pasteur in Frankryk dié van die dolhondsiekte. Serums om kiemsiektes mee te bestry word ook ontdek. In 1892 gee Behring b.v. die inspuittingsmiddel aan die wêreld, wat nog altyd jaarliks duisende kinders van die eertyds dodelike witseerkeel (difterie) red. Koch, Pasteur, Behring — ook hier het ons name wat meer luister verdien as baie van die sogenaamde helde van die geskiedenis. En aan hulle kan ons toevoeg dié van Röntgen, wat in 1895 die X-strale ontdek het; en eindelik ook nog dié van madame Curie, wat in 1904 met haar man radium aan die wêreld geopenbaar het.

Weer moet ons „Halt!” roep, om enigsins binne ons afgebakende ruimte te bly; maar ons moet goed verstaan dat die vooruitgang wat sedert ongeveer die middel van die neëntiende eeu op wetenskaplike gebied gemaak is, skaars aangedui kon

word. By die geestelike uitwerking daarvan wil ons nou stilstaan. Kort gesê, het dit die mens skepties gemaak teenoor alles wat nie wetenskaplik bewys kon word nie. In plaas van romanties en sentimenteel het hy nugter en rasioneel geword. Sels die heiligste voorouderlike oortuigings is nie onaangetas gelaat nie. Ook die oorsprong en bestemming van die mens is tot onderwerp van rasionele wetenskaplike ondersoek en kritiek gemaak. Baanbrekend was in hierdie rigting die werk van Darwin, *The Origin of Species*, wat in 1859 verskyn het, en later deur sy *Descent of Man* opgevolg is. Darwin was nie die skepper van die ewolusieleer nie. Reeds vóór hom het wetenskaplikes dit as 'n teoretiese basis vir hulle ondersoekings aanvaar, maar Darwin het dit meer algemeen bekend gemaak en in sy teorie van natuurlike seleksie 'n rasionele bewys daarvoor probeer vasstel. Sy leer kom hierop neer dat alle lewende wesens, ook die mens, uit laer lewensvorms ontwikkel het as gevolg van toevallige veranderings, en dat die plant of diersoort wat so'n klein voordelige veranderinkie ondergaan, daardeur 'n versprong kry wat oorerflik word en hom 'n beter kans tot verdere ontwikkeling gee. Naas Darwin het sy tydgenote Renan in Frankryk en Strauss in Duitsland die meeste daartoe bygedra om die kinderlike, voorouderlike geloof aan die letterlike waarheid van die Bybel te ondermyn. Hulle het albei 'n Lewe van Kristus uitgegee, waarin die Saligmaker as 'n uitstaande mens beskrywe word, en nie meer as 'n goddelike wese nie. Ook die geologie en ander wetenskappe wat vir die aarde, en die bestaan van die mens daarop, 'n baie hoë ouderdom aanneem, het met die Bybelse skeppingsverhaal, letterlik opgevat, skynbaar in botsing gekom. Vandag is die kloof wat destyds tussen die godsdiens en die wetenskap oopgegaan het, gelukkig nie meer so groot nie, omdat van albei kante ingesien word dat dié kloof 'n gevolg is, nie soseer van wat ons weet as van wat ons nog nie weet nie; maar die eerste uitwerking van die nuwe wetenskaplike rasionalisme was ongetwyfeld 'n verflouing van die godsdienssin. Baie mense, veral die jeugdige heethoofde, het hulle geloof aan alles wat bonatuurlik is, eenvoudig laat vaar en selfvergenogde materialiste geword.

Soos ons kan verwag, kon die letterkundige romantiek in die koue lug van die nuwe rasionalisme nie meer goed gedy nie. In plaas van romanties het skrywers realisties geword. Droombeelde interesseer hulle nie meer nie. Hulle wil die lewe soos dit werklik is, beskrywe. 'n Voorloper op hierdie gebied was Victor Hugo met sy *Les Misérables* van 1862, en 'n land-

genoot van hom, Emile Zola, het die realisme verder ontwikkel en wel tot uiterstes wat nie meer gesond kan genoem word nie. Die nuwe letterkundige skool slaan meer en meer oor in skitterende psigologiese analiese en beskrywing van sieklike sielkundige en sosiale verskynsels, en die grondtoon daarvan word uiters pessimisties. Pessimisme is dan ook die byna onvermydelike laaste konsekwensie van materialisme. Baie somber is b.v. ook die oorweldigende romans van die groot Russiese skrywers van hierdie tyd, soos Toergenjev en Dostojefski; maar in Rusland gee Tolstoi met sy hoë sedelike idealisme tog 'n meer verhewe en bemoedigende rigting aan die realisme. Hy beskryf ook mense met al hulle swakhede, maar sy doel is om daardeur weer die weg vir die evangelie van die liefde te baan. Sy werke kry dus 'n sterk tendensieuse kleur. Ook van Ibsen, die groot Skandinawiese dramatis, is dit waar. Realisties is hy; en die wêreld wat hy rondom hom sien en selfs in sy aaklighede beskrywe, is vir hom vol van ellende; maar met sy pen wil hy juis sake verbeter. Hy veg vir die emansipasie van die vrou, vir eerlikheid in die publieke lewe, vir sosiale hervorming. Ook in Duitsland en Holland het die realisme geseëvier; in laasgenoemde land veral na 1880; en vir Suid-Afrika met 'n merkwaardige gevolg. Die Hollandssprekende bevolking van ons land was geestelik nie gereed om realistiese boeke te geniet nie, en die moderne Nederlandse literatuur kon lank hier nie in die smaak val nie. Die resultaat was 'n geestelike afskeiding tussen die Europese Nederlanders en hulle taalgenote in Suid-Afrika; en hierdie afskeiding was vir die voortbestaan van die Dietse kultuur in ons land des te gevaarliker, omdat die ontwikkelde Afrikaner nog van Engeland boeke kon kry wat hom nie verveel of geskok het nie. In die Britse kultuurlande het die sombere realisme van die Europese vasteland nooit reg geaard nie. Deels moet dit aan die voortbestaan van die eienaardige preutse sentimentaliteit, wat 'n kenmerk van die regeringstyd van koningin Victoria was, toegeskryf word. Dis eenvoudig nie as goeie smaak beskou om oor enig-sins delikate lewensverskynsels te praat of te skryf nie, en die romantiese gedigte van Tennyson het dus nog altyd in die smaak geval. Deels ook het die Engelsman geen behae in swaarmoedige sielkundige geskrifte gestel nie, omdat sy sportgees hom van sulke bespiegelings afkerig gemaak het. Hoe dit egter ook mag gebeur het, somberheid het nie die Engelse letterkunde van hierdie tyd oorskadu nie. Thackeray en Dickens het wel die lewe beskrywe en misstande blootgelê, maar humor het hulle van swaarmoedigheid gered. Ruskin het 'n boodskap

gehad, maar dit was geen sombere nie; dit was die boodskap van die skoonheid, van goue sonnestrale en heerlike kunswerke; en sy taal was nog mooier en reiner en meer verhewe as selfs sy boodskap. Carlyle, die nors produk van Skotse newels, het nog naaste daaraan gekom om met gefronste wenkbroue en donker oë op die wêreld te kyk; maar ook hy het 'n boodskap gehad, waarin daar geen plek vir pessimisme was nie. „Vermy die skyn,” het hy sy geslag toegeroep, „wees eerlik, want innerlike eerlikheid is die bron van alle krag.” En in vlammende geesdrif het hy die helde van alle tye, wat krag had omdat hulle eerlik was, aan sy lesers voorgedou om te bewonder en na te volg.

Lewenslus en daadkrag — aan gebrek hiervan het die Engelse letterkunde en die Engelse volk nie mank gegaan nie. Maar as ons dieper kyk, dan sien ons dat hierdie daadkrag vir 'n groot deel dieselfde wortel gehad het as die meer pessimistiese realisme van die vasteland. Uit materialisme gebore, het dit 'n oorweënd stoffike mikpunt gehad. Hande uit die moue, was die leuse, — maar om die Britse ryk materieel groot en sterk te maak! Hande uit die moue — om ook self ryk te word! Vir staat en enkeling was stoffike welvaart hoofsaak. En nie alleen in Engeland tref ons hierdie gees aan nie. Orals waar die Wes-Europese kultuur gevestig is, word na sukses, wat met geld gemeet kan word, gestreef. Geld domineer die wêreld soos nog nooit tevore nie; en daar was genoeg van voorhande of in elk geval verkrygbaar om industrieë in die onmeetlike uit te brei en die handel tot in die hart van ongebaande kontinente te bring; want in 1848 is die goudvoorrade van Kalifornië ontdek, en twee jaar later dié van Australië, en vóór hulle uitgeput kon word, was die rykdom van die Witwatersrand beskikbaar.

So was dan die beskaafde wêreld na 1870, — vol daadkrag en ondernemingslus, gesteun deur tegniese en wetenskaplike middels van ongekende doeltreffendheid. Bedrywigheid op groot skaal in baie rigtings en op baie gebiede het die uitstaande kenmerk van die tyd geword. Reusemaatskappye kry in die handel en die industrie oorheersende invloed, en die sterkste regerings moet met die mag waaroor trusts en miljoenêrs beskik, rekening hou. Ook die volksmassas word sterk deur hulle beïnvloed, want die groot dagblaie en nuusagentskappe wat die gewone man van in- en voorligting voorsien, kan alleen as kapitalistiese ondernemings tot stand gebring en aan die gang gehou word, en dien dus by uitstek as die mondstukke van die geldmag. Dieselfde mag is dit dan grotendeels

verder wat in die politiek die imperialisme bevorder. Die groot-handel en die grootindustrie van één staat dring, weens die konkurrensie van dié van 'n ander, op uitbreiding van staatsgrense en inpalming van nuwe gebiede aan, en groot wêreld-moondhede wat hulle gesag tot in die verste hoeke van die aarde wil laat geld, kom tot stand. Materialisme, kapitalisme en imperialisme gaan hand aan hand. Hulle is trouens in hierdie tyd nie van mekaar te skei nie. Hulle verteenwoordig feitlik dieselfde grondverskynsel, maar van drie kante gesien — die filosofiese, die ekonomiese en die staatkundige.

§ 2. Anti-imperialistiese Kragte.

Die nuwe imperialisme het nie 'n onbelemmerde oorwinningsloop gehad nie. Sterk kragte het in verset daarteen gekom, en die sterkste onder hulle was waarskynlik die sosialisme. Hierdie beweging het natuurlik lank vóór die jaar 1870 sy aanvang gehad, maar eers in die laaste kwart van die neëntiende eeu en daarna het dit in die politieke lewe 'n blywende rol van groot betekenis begin speel. Om hier nogeens sy oorsprong na te gaan, is nie nodig nie, maar ons moet in die verbygaan weer daarop wys dat die eintlike aanleiding tot die ontwikkeling van die sosialisme in die neëntiende eeu in die toenemende industriële omwenteling moet gesoek word. Dit was die groot kapitalistiese ondernemings van die moderne tyd wat die arbeiders by duisendtalle in fabriek-, myn- en hawestede saamgebring en hulle so in staat gestel het om georganiseer vir hul belange op te tree; en onder hierdie nuwe arbeidersklasse, die sogenaamde vierde stand of proletariaat, het sosialistiese leerstellings ingang en aanhang gevind. Verder moet daarop gelet word dat die intellektuele leiers en voorligters van die sosialisme in hul teorieë die nuwe industriële toestand tot uitgangspunt gekies het en dus aan die beweging praktiese politieke mikkpunte kon gee.

Die eintlike skepper van die nuwe sosialisme was Karl Marx (1818 — 1883). Uit 'n Rynlandse famielie van Joodse afkoms gebore, het hy wel Duits as moedertaal gehad en in Duitsland skool- en universiteitsonderwys ontvang, maar die rol van sosialistiese propagandis wat hy reeds as jong man opgevat het, het hom tot 'n swerwende lewe gedoem en 'n internasionale vaderlandslose van hom gemaak. Op die Wes-Europese vasteland het die regerings hom eindelik nie meer geduld nie, en soos vir baie ander politieke bannelinge het Engeland ook sy laaste toevlugsoord geword.

In die rewolusiejaar 1848 tree Marx as sosialis sterk op die voorgrond. Met Engels stel hy, namens die Internasionale Kommunistebond wat in 1836 gestig was, 'n manifes op, waarin die proletariërs van alle lande opgeroep word om gesamentlik die besittende klasse, die burgerlike stand ingesluit, te bestry. Hierdie leer van die onvermydelike noodsaaklikheid van 'n stryd tussen die vierde stand en die res van die samelewing het Marx daarna, as joernalis en aktiewe lid en woordvoerder van die internasionale sosialistiese party, steeds op die voorgrond gestel en eindelik in sy groot werk, *Das Kapital* (1867) besonder skerp geformuleer. Sy redenering kom hierop neer: Deur sy arbeid gee die arbeider waarde aan die dinge wat hy hanteer, d.w.s. hy maak hulle bruikbaar; maar die arbeidgewer of kapitalis betaal hom nie volgens die waardevermeerdering wat sy arbeid veroorsaak het nie. Daar bly altyd 'n stuk „meerwaarde” oor, waarvoor die arbeider nie vergoeding kry nie, en hierdie „meerwaarde” vloei in die sak van die kapitalis en maak hom steeds ryker en beter in staat om die arbeider nog verder uit te buit. Vir laasgenoemde is daar geen ander uitweg nie as georganiseerde verset, wat op rewolusie moet uitloop. Einddoel van hierdie rewolusie moet dan wees, dat die kapitaliste totaal verdwyn en al die grondstowwe en produksie- en verkeersmiddels die eiendom van die sosialistiese staat word. In so 'n staat sal daar geen privaat-besit aan kapitaal meer wees nie, al die burgers daarvan sal arbeiders wees, en hulle sal ten volle, en nie alleen gedeeltelik nie, vir hulle arbeid beloon word.

Op 'n kritiese beskouing van hierdie sosialistiese leer wil ons nie ingaan nie. Ons wys alleen op 'n paar argumente wat daarteen aangewend word. Dit word nl. beweer: dat die sosialiste die betekenis en noodsaaklikheid van private inisiatief en kompetisie onderskat; dat die gewone mens juis onder 'n ekonomiese stelsel, wat hom in staat stel om in konkurrensie met sy buurman meer geld as dié te verdien en privaat-eiendom aan te skaf, sy beste kragte inspan; dat die rykdom van 'n staat afhang van hoe werksaam en produktief die mense daarin is; en dat die kapitalistiese staat dus die algemene welsyn beste bevorder. Soos gewoonlik in sulke gevalle lê die ekonomiese waarheid tussen die twee uiterstes van sosialisme en kapitalisme. 'n Mens hoef nie 'n sosialis te wees om te erken dat persoonlike eiebelang nie die enigste ekonomiese fondament van die samelewing is of behoort te wees nie, en dat absoluut vrye kompetisie tot uitbuiting van die swakkes lei. In alle beskaafde lande word vandag erken dat die regte van private individue en

maatskappye deur wetgewing ingekort moet word, as hulle onbeperkte beoefening vir die algemene welsyn skadelik is. Aan die absolute geldigheid van die fisiokratiese leuse: *laissez faire, laissez passer*, word op ekonomiese gebied nie meer geglo nie. Buitendien word meer en meer ingesien dat ko-operasie net so nodig is as kompetisie, en dat laasgenoemde onder sekere omstandighede beslis nadelig is. Die beroemde voorbeeld van die melkverkopers word daarvoor as bewys aangehaal. In 'n straat verskyn 'n melkkar, hou by drie aparte huise stil en lewer melk. Dan kom 'n tweede melkkar en hou in dieselfde straat weer by drie ander huise stil; en so volg die een kar die ander op, met die endresultaat dat 'n hele aantal mense, karre en diere gebruik word om die werk te verrig wat deur een melkkar gedaan kon word. Meer ekonomies sou dit natuurlik wees, as die melkverkopers ko-opereer om onnodige verspilling van tyd en werkkragte uit te skakel. Ko-operasie op groot skaal is die moderne leuse, en in sommige gevalle kry dié ko-operasie so 'n omvang, dat die hele bevolking van 'n land direk of indirek daarby betrokke word; m.a.w. een of ander bedryf word 'n staatsonderneming. So is b.v. die spoorweë in Suid-Afrika, anders as b.v. in Engeland, staatseiendom. Die volk is op slot van sake die ondernemer in hierdie geval, en op 'n belangrike gebied word 'n sosialistiese grondbeginsel in ons samelewing toegepas.

Die erkenning van sosialistiese idees in sommige rigtings, en die geleidelike en gedeeltelike invoering in die praktiese lewe van sekere sosialistiese beginsels, is tot 'n sekere mate die gevolg gewees van sosialistiese propagandawerk en die toenemende invloed van die sosialiste in die politieke lewe. Marx en sy volgelinge, hoe rewolusionêr en destruktief hulle leerstellings ook somtyds was, het ongetwyfeld daartoe bygedra om die wêreld vooruit te help. Een van Marx se Duitse volgelinge, Ferdinand Lasalle, het reeds die sosialisme in sy eie land in 'n meer praktiese rigting probeer lei. Van hom stam die leer van „die yster loonwet.” Hy het nl. beweer dat onder die kapitalistiese stelsel die arbeidslone altyd ongeveer so vasgestel word dat hulle net genoeg is om die arbeiders met hulle families aan die lewe te hou; want, argumenteer hy, as die lone bo dié merk styg, dan vermeerder die arbeiders en druk hulle deur onderlinge kompetisie weer die lone tot die laags moontlike peil af. Hy het dus net een oplossing gesien: die kapitaliste moet verdwyn, en die arbeiders self, d.w.s. die staat, moet die myne, fabriekke, ens., besit en beheer. Hy het egter naas hierdie teorieë ook die noodsaaklikheid van arbeidersorganisasies baie

sterk beklemtoon en die Duitse arbeiders daartoe gebring om verenigings te stig. Uit sulke verenigings het die groot Duitse Sosiaal-Demokratiese party ontstaan, wat teen die end van die neëntiende en die begin van die twintigste eeu 'n baie belangrike politieke faktor geword het. Ook in die ander state van Wes-Europa het soortgelyke sosialistiese partye sterk ontwikkel, en waar hulle altyd daarop uit was om vir die belange van die armer klasse in te tree, en in werkstakinge 'n magtige wapen gevind het om werkgewers en selfs regerings mee aan te val en te bedreig, was dit onvermydelik dat ook die besittende klasse meer tegemoetkomend moes word.

Ook deur die stemreg, wat in die meeste Wes-Europese lande hulle nie meer onthou kon word nie, het die arbeiders groot politieke invloed verwerf; en 'n algemene verbetering van hulle toestand, hoër lone, gesonder behuising, goedkoop mediese behandeling, vry onderwys vir hulle kinders, ens., het betreklik gou gevolg.

In Groot-Brittanje het die sosialisme as sulks nooit groot opgang gemaak nie, veral waarskynlik omdat die Britse volk te nugter en prakties is om deur teorieë beïnvloed te word. Die Britse arbeiders het hul egter, wanneer dit daarop aangekom het om meer regte te verwerf en vir 'n verbetering van hulle toestand te ywer, met veel sukses georganiseer. Die Britse *Trades Unions*, wat teen die end van die neëntiende eeu kragtig ontwikkel het, kon nie deur werkgewers of regerings getrotseer word nie, en ook hier het die arbeiders meer politieke regte verkry en is groot verbeterings in die hele lewenstoestand ingevoer.

In alle lande was die arbeidersbeweging, of dit nou 'n meer teoreties-sosialistiese of 'n by uitstek praktiese rigting ingeslaan het, sterk anti-kapitalisties, en die arbeiders van Engeland, Frankryk, Duitsland, ens., het gevoel dat hulle mekaar die hand moes reik om hulle gemeenskaplike vyand met sukses te beveg. Die oortuiging dat kapitalisme en imperialisme nou verwant is, het verder daartoe bygedra om die arbeiders internasionaal-gesind en antimilitaristies te maak. Hulle wou geen oorlog tussen een staat en 'n ander hê nie; vir imperialistiese uitbreiding, wat dikwels op militêre ondernemings uitloop, het hulle weinig lus gehad. Hulle is geleer dat oorloë op slot van sake deur kapitaliste vir hulle eie selfsugtige doeleindes bewerkstellig word, en dat die enigste stryd waarvoor die arbeider sy kragte moet aanwend, die klassestryd is.

'n Ander vyand van die imperialisme was die nasionalisme. Dit mag vreemd klink om dit te verneem, aangesien juis in

hierdie tyd nasionale bewegings groot state soos Duitsland en Italië tot stand help bring, state wat onmiddellik na hulle stigting imperialisties word en na uitbreiding van hulle mag streef. Dit wil dus skyn asof nasionalisme maklik in imperialisme oorslaan, en ons moet toegee dat dit die geval is; maar daarby moet onthou word dat imperialistiese uitbreiding geen groter vyand het nie as die ontwaakte nasionaliteitsgevoel van juis dié volke en volksdele teen wie sodanige uitbreiding gerig is, en dat die ontwaking tot nasionale selfbewussyn, selfs van byna gedenasionaliseerde volksreste, sommige waarvan reeds hulle taal kwyt was, 'n verskynsel is wat hom hoe langer hoe meer en des te sterker in hierdie tyd vertoon het. In die ou Europese kultuurwêreld het ons die Iere, wat vir afskeiding van Engeland veg; die Welsh, wat hulle byna sterwende taal en kultuur weer kragtig handhaaf; die Vlaminge, wat teen Franse beïnvloeding 'n suksesvolle stryd aanbind, 'n stryd wat o.m. heerlike letterkundige produkte soos die werke van Conscience en sy opvolgers afwerp; die Pole, wat indagtig aan hulle groot verlede, teen die Russe, Duitsers en Oostenrykers, onder wie hulle land verdeel was, op politieke, ekonomiese en taalgebied vir hulle besondere belange kragtig optree; die Tsegge van Boheme, wat in heftige botsing met die Duits-Oostenrykers vir die handhawing van hulle taal en die herstel van hulle verlore outonomie ywer; die Roemene, Serwiërs en Boelgare, wat teen Turkse oorheersing in verset kom, ens., ens. Ook in Asië en Afrika ontstaan nasionale roeringe wat aan imperialistiese oorheersing of uitbreiding die hoof bied. Die Japanese bring op nasionale basis die eerste moderne oosterse grootmag tot stand; suid van die Himalajas word die geroep van „Indië vir die Indiërs” gehoor; die Egiptenare begin hulle verset teen Engelse oorheersing; en die Afrikaanssprekende Boerevolk kom tot volle nasionale bewustheid en ontwikkel, in die uitbreiding van sy politieke invloed, die handhawing van sy taal en die opbou van sy letterkunde, 'n buitengewone mate van bedrywigheid en geesdrif.

Sosialisme en nasionalisme was, in hulle moderne betekenis en vorm altans, betreklik nuwe verskynsels, maar naas hulle moet dan nog as derde teenmag teen imperialisme 'n faktor genoem word wat so oud soos die menslike natuur self is. In die politiek het dit al baie name gehad, en in hierdie tyd staan dit as liberalisme bekend. In sy reinste vorm verteenwoordig dit 'n gevoel wat in alle normale mense in meerdere of mindere mate aanwesig is, die gevoel nl. dat 'n mens teenoor sy medemens billik en tegemoetkomend moet wees. In die politiek, al

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

weer van sy ideale kant beskou, staan die liberalisme vir demokratiese gelykheid en vryheid, sosiale verbetering, geestelike verdraagsaamheid en, ten opsigte van vreemde lande en volke, die erkenning van hulle regte en billike aansprake. Ons moet ons natuurlik nie voorstel dat die sogenaamde liberale partye in die politiek altyd hierdie hoë ideale nagestreef het nie, maar in teoretiese beginsel het die liberale hulle tog as besondere mikpunte opgestel, en in die praktyk het hulle werklik van tyd tot tyd probeer om imperialistiese voorstelle en maatreëls, wat volgens hulle oordeel onbillik en hardvogtig was, te bestry.

HOOFSTUK II.

IMPERIALISME VERSUS LIBERALISME IN GROOT-BRITTANJE.

§ 1. Twee Groot Leiers.

Die Britse politiek lewer in hierdie tyd die beste voorbeeld van die stryd tussen imperialisme en liberalisme. Twee groot wêreldfigure, Disraeli en Gladstone, tree as leiers van die twee rigtings op, en in 'n lang en dramatiese worsteling, waarin dan die één en dan weer die ander die onderspit delf, word hulle hoe langer hoe meer as die eintlike kampvegters van die partye aangesien. Dit word 'n heroïese politieke tweegeveg, en elkeen van die twee leiers inspireer sy volgelinge tot 'n hoogtepunt van geesdrif en oortuiging, wat deur die oorredingskrag van blote beginsels alleen nie kan bereik word nie. En tog het die botsing tussen Disraeli en Gladstone, by alle persoonlike heftigheid, sy kenmerk as 'n groot beginselstryd nie verloor nie, eenvoudig omdat elkeen van hulle op slot van sake soseer 'n verpersoonliking van die kragte en neigings van sy besondere party was, dat hy byna nie anders kon as om aan die wense van sy volgelinge uitvoering te gee, of om hulle in die rigting van hulle eie oortuigings te lei nie.

Disraeli en Gladstone was albei groot redenaars, meeslepend in hulle welsprekendheid en meesters van die debatkuns; daarby het albei die volle tien talente van begaafdheid ontvang, en deur studie en beoefening het hulle hul buitengewone verstandelike vermoëns tot 'n baie hoë peil ontwikkel en met omvangryke kennis en verfynde smaak verryk en veredel; maar daar was verder weinig spore van ooreenkoms tussen hulle. Disraeli was van Joodse afkoms, maar hy was 'n aristokraat in neiging en smaak, en in die hoë geselskapslewe van die hof en die rykhoofstad was hy net op sy plek. Besonder galant in sy omgang met die skone geslag, beweeglik en romanties van gees en skitterend in staat om in ligte konwersasie uit te blink, was hy 'n baie gewilde gas in die salons van die hoë dames, en het sy daaglikse omgang, eweseer as sy politieke strewe en begaafd-

heid, hom onder die trotse ou-Engelse erfadel, die tradisionele toonaangewende konserwatiewe famielies, sy leierskap verseker. Dat dit moontlik was; dat 'n nuweling van Semietiese oorsprong die aanvoerder van die konserwatiewe party kon word, moet egter ook as bewys opgevat word, dat die party in die tussentyd 'n groot verandering ondergaan het. Dit was ook werklik die geval. In die begin van die neëntiende eeu het die konserwatiewe party oorweënd uit die ou landelike aristokratiese famielies en hulle aanhang bestaan, maar in die loop van die neëntiende eeu is die kommersiële en industriële grootbase, die nuwe geldaristokrasie, ook daarin opgeneem; en dat 'n persoon van Joodse afkoms leier van die konserwatiewe kon word, was tekenend van die geestesverandering wat die party deurge- maak het. Die nuwe elemente was dit eens met die ou konserwatiewe, dat dinge in Engeland so ver soos moontlik onveranderd moes gelaat word; hulle wou inwendige stabiliteit en rus hê, en was ook teen inmenging van staatsweê in die eiendomsregte en ander voorregte van die besittende klasse; maar vir kommersiële doeleindes wou hulle oorsee 'n aktiewe uitbreidingspolitiek gevolg sien. Die aggressiewe imperialistiese strekking van die nuwe konserwatiewe party was dus groten- deels die gevolg van hulle aansluiting daarby, en in Disraeli het hierdie imperialisme 'n waarlik inspirerende leier gevind. Met 'n konstruktiewe verbeeldingskrag, wat deur sy omvang en gloed ouderwetse konserwatiewe, soos b.v. die hertog van Wellington, sou geskok het, het hy vir die uitbreiding en nouer aaneensluiting van die Britse ryk ingetree, en daar selfs 'n kleur van romantiese idealisme aan gegee. Geen wonder dat hy dit gewaag het om die stemreg aan die groot massa van die arbeidende klasse te gee, en dat hierdie klas, wat vir 'n groot deel nog altyd geneig was om aristokratiese leiding te volg en materiële voordele uit die nuwe imperialisme, nl. afsetgebiede vir die Britse industrie en hoër lone vir die arbeiders, verwag het, van tyd tot tyd vir Disraeli en sy opvolgers gehelp het om aan die bewind te kom. Juis by die minder geletterdes vind hoogdrawende patriotisme maklik weerklank, veral as daar skynbaar iets uit te haal is.

Disraeli het in sy vrye tyd skitterende romans geskryf; Gladstone het hom, wanneer sy party die regeringsbanke verlaat, met die studie van teologiese vraagstukke besiggehou. Dit is tiperend van die fundamentele onderskeid tussen hulle. Gladstone, hoewel ook 'n geestelike aristokraat, was in teenstelling met sy debonnêre en romantiese opponent, oorweldigend ernstig en propvol van hoë sedelike beginsels. Ook sy toesprake

was vol daarvan, en sy vyande het gesê dat hy dit meesterlik verstaan het om vir sy frappantste oneerlike politieke draaie hoogsedelike verontskuldigings te vind. Sonder grond was hulle aantyging nie, maar die feit bly dat Gladstone oor die algemeen 'n politiek gevolg het, wat op mensliewendheid en die erkenning van die regte en vryhede van onderdrukte klasse en volke gebaseer was. Hy het hierby die steun veral van die Engelse middelklasse gehad, die betreklik welvarende burgerstand, wat met hulle leier in hulle fatsoenlike famieliekringe en kerke hulle sedelike pligte en verantwoordelikhede as mense en burgers ernstig opgevat het. Die grootpraterige imperialistiese romantiek van 'n Disraeli het by hulle nie ingeslaan nie, miskien ook omdat daar vir hulle blykbaar geen voordele uit kon vloei nie; vir hulle tog was daar nie die noodsaaklikheid om deur ryksuitbreiding nuwe moontlikhede vir kapitaalbelegging te soek nie. Van Disraeli afkerig, het die Engelse middelstand, die tradisionele draers van die liberalisme in die Britse politiek, in Gladstone 'n leier gevind wat teenoor die kragtige opbloeï van die nuwe imperialisme ook die liberalisme met nuwe lewe kon verkwik, en almal wat blywend liberaal gesind was, of dit van tyd tot tyd om een of ander rede geword het, het hom met 'n hartstog gesteun wat somtyds byna in aanbidding oorgeslaan het. Hy was hulle held, die verpersoonliking van hulle ideale en wense, „the Grand Old Man,” soos hulle hom met liefdevolle agting op sy ou dag genoem het.

§ 2. Die Nuwe Leiers tree te voorskyn.

Teen die helfte van die eeu begin Disraeli en Gladstone sterk op die voorgrond in die politiek te tree. Na die Krimoorlog in 1859 was Disraeli kanselier van die skatkis, d.w.s. minister van finansies, in die konserwatiewe ministerie van lord Derby, wat egter nog dieselfde jaar tot val gekom het en deur 'n regering opgevolg is, waarin lord Palmerston die leiding had, lord Russell minister van buitelandse sake was, en Gladstone finansies aan hom toevertrou gekry het. Die ontevredenheid oor die beperkte stemreg, wat deur die „Reform”-wet verkry was, het reeds sterk geword, en waar Disraeli in 1859 tevergeefs geprobeer het om hervorming op hierdie gebied aan te bring, kon Palmerston, ofskoon hy self weinig daarvoor gevoel het, sy kollega Russell nie verhinder om ook met 'n „Reform Bill” te voorskyn te kom nie. Egter, dit was geen geskikte tyd vir groot konserwatiewe inwendige verbeterings nie, want belangrike gebeurtenisse in Europa en Amerika, die

verdrywing van die Oostenrykers uit die grootste gedeelte van Noord-Italië deur Napoleon III van Frankryk en Victor Emmanuel van Sardienië en die stigting van die koninkryk Italië, tesame met die begin van die groot burgeroorlog in die Verenigde State van Noord-Amerika, het die aandag van die hele beskaafde wêreld in beslag gehou, en Russell moes sy poging om die stemreg in Engeland uit te brei laat vaar. Die Amerikaanse broederstryd het tot 1864 geduur, en Palmerston met sy kollegas kon nie veel meer doen as om moeilikhede wat daaruit vir Engeland ontstaan het, te oorkom nie. Die staking van die katoentoevoer uit die Suidelike State het b.v. werkeloosheid en armoede in Britse fabriekstede veroorsaak, en die Alabama-geval, waarop ons later terugkom, het gedreig om Engeland in die Amerikaanse oorlog te bring.

In 1865 sterf Palmerston. Russell volg hom as eerste minister op, en Gladstone neem onder hom vir 'n groot deel die leiding van hulle party in die parlement oor; maar die swak optree van die liberale teenoor die Amerikaners het die party in onguns by die volk gebring, en van 1866 tot 1868 was die konserwatiewe onder Derby en Disraeli weer aan die bewind. Dit was die eintlike begin van Disraeli se glorietyd. Weëns die swak gesondheidstoestand van Derby, en sy eie energie en bekwaamheid, gaan die leiding van sake meer en meer in Disraeli se hande oor, en in 1869, met die uittree van Derby uit die politiek, word hy eerste minister en die erkende leidsman van die konserwatiewe.

§ 3. Uitbreiding van die Stemreg in Groot-Brittanje.

Gedurende die kort tydjie, waarin die konserwatiewe vir die eerste keer onder die eintlike leierskap van Disraeli die regering gevoer het, het hy duidelik gewys, dat hy van plan was om op groot lyne groot dinge tot stand te bring. In 1867 bewerk hy die aanname deur die parlement van 'n nuwe kieswet wat aan alle grondbesitters in stede en aan alle huurders van huise of kamers, wat minstens £10 huur per jaar betaal, die stemreg gee; ook op die platteland is die kieskwalifikasies baie laag gemaak; maar die groot saak is dat die stedelike arbeiders nou op groot skaal stemreg gekry het. Teen die sin van baie van sy ondersteuners het Disraeli hierdie stap gewaag. Hy het gesien dat dit moes kom, en hy het geglo dat die nuwe imperialisme juis onder die arbeiders uiteindelik die breë basis van volksteun sou kry, waarsonder dit geen kragtige toekoms kon ingaan nie. Sy optimisme is nie onmiddellik verwesenlik

nie, want onder die nuwe kieswet het Gladstone in 1869 'n groot meerderheid gekry.

§ 4. Kanadese Federasie.

Die begin van Disraeli se aktiewe imperialisme dateer ook uit hierdie jare. In Europa was groot dinge aan ontwikkel. In 1866 het Pruisie die lang stryd teen Oostenryk met 'n skitterende oorwinning op die oorlogsveld afgesluit, en die skeping van 'n groot Duitse bondstaat onder Pruisiese leiding was onafwendbaar; in Italië was die nasionale verenigingswerk van Cavour reeds byna kompleet. Disraeli het hom oor hierdie ontwikkelings nie bekommer nie. Sy oog was oor die oseane op verder afgeleë kontinente gerig, — in die eerste plek op Noord-Amerika.

Nadat lord Elgin in 1854 as goewerneur-generaal van Kanada afgetree het, was dit taamlk gou duidelik dat die eenheidstaat wat in 1840 op die advies van lard Durham gestig was, nie as 'n blywende oplossing van die Kanadese konstitusionele vraagstuk kon beskou word nie. Die anglisering van die Franse in Quebec het nie gevolg nie (ook hier het nasionalisme sy krag vertoon), en die nouer aaneensluiting van die Engelse koloniste van die westelike binneland, wie se getalle deur immigrasie sterk toegeneem het, met die ou gevestigde bevolking van Quebec het nie goed gewerk nie. Die Franse verteenwoordigers in die parlement was sterk genoeg om dit vir albei die groot politieke partye, die konserwatiese en die liberale, moeilik te maak om 'n kanstruktiewe wetgewende program uit te voer, en in die werklik dringende behoefte van Bo-Kanada om deur spoorlyne en verbeterde waterweë met die kus verbind te word, is in verhouding tot die vinnige ontwikkeling van die binneland langsaam voorsien. Nieteenstaande die feit dat Bo-Kanada se bevolking in 1861 reeds dié van Onder-Kanada met sowat 300,000 oortref het, was daar soveel verdeeldheid onder die Engelse koloniste dat 'n sterk regering nie gevind kon word nie. Die Verenigde State was in die tussentyd besig om hulle westelike binneland sistematies en met veel energie te ontwikkel, en daar was groot gevaar dat Wes-Kanada deur die omstandighede gedwing kon word om sy heil in aansluiting by die suidelike republiek te soek. Des te groter was hierdie gevaar, omdat lord Russell as mondstuk van die Britse liberalisme nog in die jare '60 by herhaling die verwagting uitgespreek het dat die groot selfregerende kolonies tog uiteindelik die konstitusionele band met Engeland sou verbreek, en

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

hy was gereed om in so 'n geval hulle sy beste seënwense te gee.

In die tussentyd was die sogenaamde „Maritime provinces” aan die mond van die St. Lawrence, d.w.s. Nova Scotia, New Brunswick en Prince Edward Island, ook baie ontevrede. Hulle was apart selfregerend, en hulle belange het konstitusionele samewerking onderling en met Kanada noodsaaklik gemaak. Die eerste stap om die oplossing van die konstitusionele probleem in 'n groot Kanadese federasie te soek, het van hulle uitgegaan. In 1864 het verteenwoordigers van die „seeprovincies” in Charlottetown, Prince Edward Island, vergader om oor federasie te debiteer. Kanadese ministers het ook hier verskyn, en toe is besluit om 'n groot konferensie in Quebec te hou. Hierdie konferensie het nog in dieselfde jaar plaasgevind, en baie gou is besluit om te federeer en is die basis daarvan neergelê.

Lord Carnarvon, die minister van kolonies in die Derby-Disraeli-Kabinet van 1867 — 69, het hom besonder vir die ontwikkelings in Kanada geïnteresseer, en onder sy leiding is die „British North America Act” van 1867 deur die Britse parlement gepasseer. In 1868, die geboortejaar van die „Dominion of Canada,” het die nuwe reëling toe in werking getree. Dit was 'n eienaardige oplossing, 'n nuwe konstitusionele eksperiment. In sy wese Brits en dus vir 'n groot deel ook onbeskrewe, is die nuwe konstitusie nie sonder duidelike spore van beïnvloeding deur die Amerikaanse federatief-republikeinse stelsel nie. Die sentrale gesag berus by 'n dominië-parlement, bestaande uit die koning of sy verteenwoordiger, 'n senaat en 'n volksraad. Hoe hierdie sentrale gesag werklik regeer, d.w.s. die benoeming en funksies van ministers en hulle verhouding tot die goewerneur, word natuurlik nie in die grondwet uiteengesit nie; in alle selfregerende Britse kolonies het dit volgens Engelse voorbeeld onbeskrewe gebly; maar die magte van die parlement word, anders as in Engeland en volgens Amerikaanse voorbeeld, skriftelik aangedui. By 'n nagaan daarvan vind ons dat die Dominië tog geen suiwere federasie is nie, want aan die sentrale parlement word 'n wye en geensins duidelik afgebakende gesag verleen oor alle sake rakende „the peace, order and good government of Canada.” 'n Unie is die Dominië egter ook nie, want naas hierdie algemene bepaling word gesê dat die algemene gesag aan die sentrale parlement toevertrou, alleen geld vir „matters not coming within the classes of subjects by this Act assigned to the legislatures of the Provinces,” en word verder aan die cenkant opgestel, „for greater certainty (but not) so as to restrict the generality of

the foregoing terms," 'n lys van neën-en-twintig onderwerpe, waaroor die sentrale parlement absolute gesag het, en aan die anderkant 'n lys van sestien onderwerpe, waaroor die provinsies beheer kry. In die eerste lys vind ons sulke sake soos handel, direkte en indirekte belastings, geldwese, posterye, sensus, verdediging, skeepvaart, mate en gewigte, patente, Indië-ronde, naturalisasie, strafreg; en in die tweede lys direkte belastings vir provinsiale doeleindes, hospitale, munisipaliteite, publieke bouwerke, ens., vir suiwer provinsiale doeleindes, onderwys. Die skeiding van funksies is dus nie duidelik nie.

Dat Kanada 'n tussending tussen 'n federasie en 'n unie is, blyk uit die samestelling van die senaat en die volksraad. In eersgenoemde liggaam word die federatiewe beginsel van konstitusionele gelykwaardigheid tussen die provinsies, afgesien van hulle omvang en betekenis, enigsins gehandhaaf. Direkte verteenwoordiging het ons hier nie, want die senatore word vir hulle leeftyd deur die goewerneur-generaal, d.w.s. deur die sentrale regering benoem, maar hulle getal is beperk en hulle word vir 'n groot deel op die basis van provinsiale gelykwaardigheid aangestel. Vir die volksraad daarenteen, wat uit gekose lede bestaan, word die kiesafdelings volgens die getal kiesers afgebaken, en is die verteenwoordigingsyfer van 'n provinsie dus volgens sy bevolking.

Dat Kanada onder die nuwe bedeling verantwoordelike selfbestuur behou het, is natuurlik vanselfsprekend. Ook in die provinsiale regerings word hierdie beginsel toegepas. Vir elkeen word 'n goewerneur deur die sentrale regering benoem om konstitusioneel en administratief die dominale gesag te verteenwoordig, maar elke provinsie het sy gekose wetgewende liggaam of liggame met 'n verantwoordelike kabinet. Teen 1872 was daar sewe provinsies: Quebec, Ontario (Bo-Kanada), Nova Scotia, New Brunswick, Manitoba, Brits Columbia en Prince Edward Island.

So is dan die eienaardige probleem om 'n groep van self-regerende kolonies, met gemeenskaplike en aparte belange, tot 'n effektiewe eenheid saam te smee, sonder volkome prysgawe van provinsiale outonomie opgelos, en hierdie oplossing is 'n verdere bewys van die merkwaardige begaafdheid van die Brit op konstitusionele gebied en van die gesonde rekbaarheid, ontwikkelbaarheid en aanpaslikheid van die Britse konstitusionele stelsel. Die grondoorsaak hiervan lê waarskynlik in die buitengewone sin van die Brit vir wat prakties uitvoerbaar en doeltreffend is. In sy regeringstelsel veral laat hy hom nie sterk deur teorieë beïnvloed nie; hy verkies 'n regeringsstelsel

wat uit die praktyk gebore is en in die praktyk verander kan word, bo een wat op skynbaar onaanvegbare beginsels in 'n vaste grondwet omskryf word; hy is selfs tevrede om anomalieë en ongerymdhede in sy konstitusie te behou, solank soos die stelsel as geheel prakties goed werk. En daar sit op slot van sake veel politieke wysheid agter so 'n houding, want die mens is in sy handelinge en gevoelens nie logies nie, en dis dus klaarblyklik gewaagd om die menslike samelewing onder 'n suiwer logiese politieke konstitusie te probeer bring. Hoe dit egter ook mag wees, die nuwe konstitusionele skepping in Kanada beantwoord uitstekend aan sy doel. New Foundland het apart bly staan, maar die ander seeprovinsies het onderdeel van die groot Domienium geword. In sy wye skoot kon ook later die uitgestrekte westelike gebiede, wat in 1870 nog grotendeels oopgelê het, opgeneem word, en dit was juis die totstandkom van die Kanadese federasie, wat hulle vinnige opening en kolonisasie moontlik gemaak het. Nou kon die verenigde provinsies hulle skouers aan die wiel sit om die groot Kanadese transkontinentale spoorweg te voltooi. Onder ontsaglike moeilikhede en baie dwarstrektery is die onderneming voortgesit. Spotters was daar genoeg. Die *Toronto Globe* het b.v. voorspel, „that the railroad would never pay for its own axle grease.” Maar manne soos Donald Smith, die latere lord Stratheona, Kanada se „Grand Old Man,” het hulle geloof aan die groot toekoms van die westelike binneland en hulle geesdrif by die aanlê van die „Pacific Railway” nie verloor nie, en in November 1885 is die laaste spyker daarin vasgeslaan.

Van die mond van die St. Lawrence-rivier tot aan die kus van die Stille Oseaan was Kanada nou met 'n yster band aangeheg, en 'n groot en ryk uitbreidingsterrein vir Britse energie en kapitaal was verseker. Disraeli kon met Carnarvon, sy minister van kolonies, tevrede wees oor die belangrike stoot wat hy aan die imperialisme help gee het; en tog het daar aan die nuwe reëling in Amerika, uit imperialistiese standpunt beskou, nog veel geskort. Russell kon die kolonies met hulle ontwikkeling tot selfstandigheid gelukwens en sonder bekomernis aan die dag dink, wanneer hulle heeltemal onafhanklik sou wees. Disraeli was ook geesdriftig ten gunste van hulle groei, maar aan die onvermydelikheid van hulle uiteindelijke afval het hy nie geglo nie, en juis in hierdie tyd het hy sy eie konsepie van hoe die Britse ryk moes ontwikkel, uiteengesit. Hy vind dit reg dat die kolonies selfregering gekry het, maar hy vind dit totaal verkeerd, dat daar gelyktydig met die toekenning van koloniale selfbestuur ook nie stappe gedaan is om

IMPERIALISME VERSUS LIBERALISME.

die selfregerende geweste op ander maniere nouer aan Engeland te verbind nie, en hy verduidelik wat na sy mening gedaan moes geword het en nog tot stand gebring moet word. Hy dink aan 'n verteenwoordigende ryksraad, wat met imperiale gesag beklee sal wees; aan 'n gemeenskaplike ryksverdedigingstelsel, waartoe ook die kolonies steun sal bydra; aan ryksvoorkeurtariewe wat alle geweste, waaroor die Britse vlag waai, ekonomies aan mekaar sal bind. Hy gee dus aan die Britse imperialisme 'n konstruktiewe program.

§ 5. *Nemo me impune lacessit.*

Dat geen ander land of volk die eer of belange van Groot-Brittanje ongestraf mog aantas nie, was 'n grondbeginsel van Disraeli se imperialisme. Dat die Britse regering die aanvaarding van groter verantwoordelikhede in verre lande liewer moes verwelkom as vrees, was 'n ander. In twee dele van Afrika is die nuwe gees gewaar. Die koning van Abessienië het dit gewaag om Britse onderdane in die tronk te sit en andersins te molesteer, en tot sy skrik moes hy dit beleef dat 'n Britse leër in 1868 sy bergland intrek. Disraeli het hierdie uitstekend georganiseerde en deurgevoerde strafekspedisie met bombastiese woorde as 'n meesterstuk van imperialistiese daadkrag opgevytel, buite alle verhouding tot die werklike betekenis daarvan. Sy doel daarby was om imperialisme romanties en populêr te maak, en sonder sukses was sy poging in hierdie rigting op die duur nie.

'n Enkele verwysing na sir Philip Wodehouse se optrede teenoor die Vrystaat is genoeg om ons daaraan te herinner dat ook in Suid-Afrika aktiewe en selfs aggressiewe imperialisme aan die opkom was. Die gees van 1854 met betrekking tot sake noord van die Oranjerivier was nie meer die heersende onder hoë Britse gesagvoerders nie. Disraeli het hom in hierdie tyd, vóór die ontdekking van diamante, wel nog nie besonder vir ons land geïnteresseer nie, maar dit was tog tekenend van die nuwe imperialistiese ontwikkeling dat Wodehouse Britse verantwoordelikhede na die noorde en ooste toe begin uitbrei het.

§ 6. Gladstone se Eerste Ministerie, 1869 — Januarie 1874.

Die veranderinge in die kieswet het in die eleksie van 1869 aan die liberale 'n groot meerderheid gegee, en Gladstone, op wie die mantel van Grey geval het, het eerste minister geword. 'n Groot verandering in die gees en strewe van die Britse rege-

ring was die gevolg. In Suid-Afrika is dié verandering nie bespeur nie, omdat die ontdekking van diamante 'n splinter-nuwe faktor van uitbreiding ingevoer het, 'n faktor so sterk dat selfs die liberale daarvoor moes beswyk, maar kragtige hoog-sedelike argumente moes gebruik word om Gladstone en sy minister van kolonies, lord Kimberley, sover te bring, en dit bly 'n feit dat daar in die nuwe liberale ministerie weinig imperialistiese geesdrif was. Wat werklik hulle aandag getrek het, was die Ierse vraagstuk en onderwys.

Die verowering van Ierland deur Engeland, wat baie jare geduur en b.v. in die tyd van Cromwell met afgryslike wreedheid uitgevoer is, is eintlik deur Willem III (1689 — 1702) voltooi. Vir 'n honderd jaar daarna is Ierland soos vir eeue tevore as 'n verwerde gebied geregeer, en onder hierdie stelsel is die pogings, wat van die tyd van koningin Elizabeth dateer, om die Engelse invloed in Ierland te versterk, deur b.v. aan die Engelse staatskerk 'n bevoorregte posisie daar te gee en die Ierse boere onder Protestantse grootgrondbesitters te stel, voortgesit. Daarby het die Engelse regering om die handel en industrie van Groot-Brittanje te bevorder die opkoms van nywerhede in Ierland teengewerk. Die gevolg was dat die Iere 'n arm en ontevrede volk gebly het. Die ou haat teen die Engelse het nooit by hulle ingesluimer nie. Kelties van oorsprong en dus opvlammend en beweglik van aard, Rooms-Katoliek van godsdiens en dus geestelik van hul oorheersers vervreem, is hulle ook maklik deur priesterlike opsweping in hulle verset teen Engeland verbitter gehou, en al hulle onheile en ellende, wat grotendeels ook deur die natuurlike armoede van hulle land en die onkunde, waaraan Rooms-Katolieke lande dikwels ly, veroorsaak is, het hulle aan hul onderwerping deur Engeland toegeskryf. In 1782 het die Engelse regering onder die indruk van die Amerikaanse Vryheidsoorlog parlementêre selfregering aan Ierland gegee, maar die Ierse moeilikhede het nie opgehou nie. Inteendeel, gedurende die Napoleontiese oorloë het weer 'n groot opstand uitgebreek; en in 1801 is die parlementêre Unie van Ierland met Groot-Brittanje deurgevoer. Die Ierse parlement het opgehou om te bestaan, en die Ierse volksverteenners het in die Britse parlement sitting gekry. In hierdie jaar het ook die Union Jack sy teenwoordige vorm gekry. Die kruis van sint Patriek het by die kruise van sint Joris en sint Andries daarop gekom, om te toon dat Ierland met Engeland en Skotland 'n konstitusionele eenheid geword het.

Die verwagting was dat die unie met Ierland dieselfde goeie vrugte sou afwerp, as toe Skotland in 1707 parlementêr

IMPERIALISME VERSUS LIBERALISME.

met Engeland verenig is. Daar was egter 'n groot verskil tussen die twee gevalle. Skotland is nie deur Engeland verower nie; die Skotse koning, Jakob I, het in 1603 as wettige opvolger van koningin Elizabeth ook vors van Engeland geword. Buitendien is die grootste gedeelte van die Skotte van Angelsaksiese oorsprong en Protestants. Na die verdrywing van die Stuarts (1688) het die Skotte wel tweemaal in opstand gekom (1715 en 1745) om die ou Skotse vorstelike huis in ere te herstel, maar dit was slegs verbygaande romantiese opflikkerings; en die ekonomiese voordele wat die parlementêre verbinding met Engeland vir Skotland afgewerp het, was so duidelik, dat die gedagte aan afskeiding verdwyn het. In Ierland daarenteen het dit voortgeleef en sterker geword. In 1867 was daar weer 'n opstand.

Gladstone het reeds in 1867 die voorregte van die Anglikaanse Kerk, wat in Ierland deur die verpligte bydraes van die Rooms-Katolieke Iere in stand gehou is, ofskoon die ledetal slegs 'n baie klein deeltjie van die bevolking van die eiland verteenwoordig het, weggeneem deur 'n wet wat die status daarvan as staatskerk afgeskaf het. Die volgende jaar is die Ierse grondkwessie aangepak, en deur wetgewing is vasgelê: dat grondbesitters in Ierland hulle pagters vir verbeterings, deurhulself aangebring op hulle plasies, moet kompenseer; dat sulke pagters ook nie sonder behoorlike kompensasie in die pad gestee kan word nie, en dat daar vir hulle van regeringsweë lenings beskikbaar sal wees om plasies te koop.

Baie belangrik vir Engeland was dan verder die onderwyswet, wat Forster, een van Gladstone se kollegas, in 1870 deur die parlement gesit het. Tot in hierdie tyd was die onderwysfasiliteite vir die armer klasse in Engeland baie onvoldoende. Hulle moes hul sover soos moontlik met skole behelp wat deur plaaslike inisiatief gestig en aan die gang gehou is, en waartoe die regering op die pond-vir-pond basis bygedra het. Skooldwang het nie bestaan nie. Die Forster-wet verplig ouers om hulle kinders na skool te stuur, en skoolrade is in die lewe geroep, wat openbare skole moes stig en die reg gekry het om die opbrengs van lokale belastings vir hulle te gebruik. Forster se oog was op die belange van die arm klasse. Dit verklaar ook sy invoering van die sogenaamde „Ballot Act” van 1872, wat die geheime stemming deur stembriefies by eleksies die reël gemaak het en waardeur die arbeider in staat gestel is om sy stem uit te bring sonder om daarby sy baas na die oë te sien.

Met sulke dinge het Gladstone en sy medeministers hul

besig gehou. In oorsese uitbreiding en buitelandse politiek was hulle veel minder geïnteresseer. Aan oorloë en strafekspediesies, hoe romanties hulle ook mag wees of gemaak word, wou hulle nie geld bestee nie. Dat Rusland hom gedurende die groot Frans-Duitse oorlog van 1870/71 eenvoudig onttrek het aan die verpligting, na die Krimoorlog opgelê, om geen oorlogskepe op die Swart See te hou nie, het Gladstone maar laat geskied, en om die vrede met die Verenigde State te bewaar, het hy toegestem om 'n som van £3,000,000, deur arbitrasie bepaal, aan die Amerikaners te betaal as vergoeding vir skade wat die noorde-lyke state weëns beweerde Engelse medepligtigheid in die burgeroorlog op see sou gely het. Sy slapheid in sulke rigtings het sy val veroorsaak. In 1874 het 'n algemene eleksie vir Disraeli en sy vriende met 'n groot meerderheid op die kussings gebring.

§ 7. Disraeli, nou lord Beaconsfield, weer aan die bewind (1874 — 1880).

Buitelandse en imperialistiese politiek sou nou weer aan die orde kom, maar Disraeli wou eers nog 'n keer aan die arbeiders toon, dat die konserwatiewe, en nie die liberale nie, hulle werklike vriende was. Die reg van die arbeiders om vakverenigings (Trades Unions) te stig en om werkstakings as wapen te gebruik is erken, en 'n wet het neergelê dat vroue en kinders nie langer as nege uur per dag in fabriek aan die werk mag gehou word nie. Baie belangrik was ongetwyfeld hierdie binnelandse wetgewende maatreëls, maar nie te vergelyk met wat Disraeli buitekant Groot-Brittanje uitgevoer of beoog het nie.

In 1875 verras hy die wêreld, deur die beskikkingsreg oor die Suezkanaal vir Engeland te verwerf. Hierdie meesterstuk van die moderne ingenieursteun is in 1859 begin. Dit was die werk van Lesseps, 'n Fransman. Met groot moeite het hy kapitaliste gevind wat bereid was om sy plan te steun. In Engeland, waar hy ook pogings daartoe aangewend het, is hy uitgelag. Die tegniese vakmanne het sy voorgestelde onderneming as onuitvoerbaar bestempel. Op slot van sake is die grootste gedeelte van die nodige kapitaal in Frankryk gevind, en die werk kon 'n aanvang neem. In 1869 was die kanaal klaar. Die spotters was tot swye gebring, en besorgdheid oor hierdie nuwe sleutel tot Indië, wat nie in Britse hande was nie, het in Engeland opgekom. Die aandele was vir 'n deel in die besit van Europese, veral Franse, kapitaliste, maar Ismael, die onderkoning

IMPERIALISME VERSUS LIBERALISME.

van Egipte, was die grootste aandeelhouer. In naam was hy aan die sultan van Konstantinopel ondergeskik, maar in werklikheid het hy as 'n onafhanklike vors oor die ou Nylland geregeer, en so onbevoeg en verkwistend was hy, dat hy in die begin van die jaar '70 op die rand van bankrotskap gestaan het. Disraeli het te wete gekom dat Ismael sy kanaalaandeel wou verkoop, en sonder om eers sy kabinet te raadpleeg het hy in alle stilte en haas 'n som van £4,000,000 daaraan gewaag en die Britse regering tot grootste aandeelhouer in die Suezkanaal-maatskappy gemaak. Hy het sy oog op die toekoms gehad, en niemand twyfel meer vandag daaraan dat Disraeli se moedige stap vir Engeland en die Britse Ryk onberenkbare voordele afgewerp het. Gladstone en sy vriende sou so 'n stap nie gedaan het nie.

Egipte is 'n baie ryk-bedeelde agrariese land, en die Europese tekstielindustrie het groot belang in die katoen-produksie van die Deltastreek gehad. Buitendien het Franse en Engelse kapitaliste baie geld aan die verkwistende onderkoning voorgeskiet, en om die terugbetaling daarvan te verseker, het die regerings van Frankryk en Engeland in 1879 deur spesiaal aangestelde verteenwoordigers in Kaïro 'n groot mate van kontrolerende mag oor die Egiptiese regering gekry. Dit was die begin van die sogenaamde Dubbel-Kontrole-stelsel. Hierdie direkte belang wat Engeland in Egipte gehad het, was egter nie die oorsaak van Disraeli se aankoop van die kanaalaandeel nie. Hy het daarby sy oog op Indië gehad, en sy hoogskatting van hierdie land se waarde en betekenis in die Britse koloniale sisteem beheers feitlik sy hele buitelandse politiek. Sy groot vrees was vir Rusland, en hy het rede daartoe gehad. Die Russe was besig om hulle mag oor Asië vinnig uit te brei, in die noorde om Sjiena heen tot die Pasifiese kus en in die suide tot aan die Himalajas en oor die grense van Afganistan. In 1877 aanvaar koningin Victoria, op advies van haar ministers, die titel van keiserin van Indië. Dit was 'n eg-Disraelietiese gebaar, Rusland moes daaruit verstaan dat Engeland geen Russiese inmenging in Indiese aangeleenthede sou duld nie. In 1878 is, om dit verder te beklemtoon en die Engelse invloed in Afganistan te versterk, 'n militêre ekspedisie onder sir Frederick Roberts daarheen gestuur. Die sukses waarmee hy die onderneming uitgevoer het, het hom sy titel, lord Roberts van Kandahar, besorg. In die tussentyd was die Russe ook teen Konstantinopel bedrywig. Die nasionale beweging, wat onder die kristelike onderdane van die sultan met die opstand van die Grieke in 1821 begin het, versprei hom in hierdie jare ook sterk onder

die noordelike Balkanvolke. Hulle is grotendeels nes die Russe van Slawiese oorsprong, maar die sterkste band tussen hulle en die Russe is hulle godsdiens. Hulle behoort almal tot die Griekse Katolieke Kerk, wat naas die Roomse heeltemal selfstandig en apart ontwikkel het en geen band met die pous erken nie. Die tsaar van Rusland het hom sedert baie jare as die besondere beskermheer van die Balkan-Kristene opgewerp, en in 1877 het hulle opstand teen die sultan Rusland in 'n oorlog teen Turkye gewikkel. Die Russe was te sterk vir die Turke, en by die vrede van San Stefano het eersgenoemde hulle invloed in die Balkan geweldig versterk. In Engeland het die gedagte, dat Rusland weldra Konstantinopel sou beheers en met 'n groot vloot op die Middellandse See ook die weg na Indië, 'n ware paniek veroorsaak. Disraeli, nou as lord Beaconsfield tot die adelstand verhef, het die saak kragtig aangepak. Hy het daarin geslaag om die ander groot Europese moondhede op sy hand te kry, en Rusland moes toestem om die Balkanreëlings aan 'n Europese kongres, wat in 1878 in Berlyn vergader het, te onderwerp. Die uitslag was dat die onafhanklikheid van Roemenië, Serwië, Montenegro en Boelgarye bekragtig is, maar dat aan Russiese opperheerskappy op die Balkan weer 'n end gekom het. In 'n spesiale verdrag met Turkye het Engeland onderneem om die Europese gebied van die sultan teen Russiese aanvalle te help verdedig. Die Kongres van Berlyn was 'n triomf vir Beaconsfield. „Peace with honour” het hy daaraan teruggebring.

Wanneer ons so sien hoe aktief die Beaconsfield-regering in hierdie tyd op die gebiede van die buitelandse en koloniale politiek was, dan is dit vir ons makliker verklaarbaar, waarom die Transvaal in 1877 deur Shepstone, onder opdrag van Carnarvon, Beaconsfield se minister van kolonies, geannekseer is. Ook die Soeloe-oorlog van 1879 pas in hierdie raam. 'n Sterk en besliste optrede om die Britse eer en Britse oorsese belange te bevorder was die uitstaande kenmerk van die politiek van Beaconsfield en sy kollegas, en ook vir oorloë het hulle nie gestuit nie, maar dit het alles baie geld gekos, en die kiesers van Groot-Brittanje het duidelik te kenne gegee dat hulle voorlopig weer genoeg van die nuwe imperialisme gehad het. 'n Algemene eleksie het vir Gladstone 'n groot meerderheid gegee.

§ 8. Gladstone se Twede Ministerie (1880 — 1885).

Gladstone het hom dadelik weer vir Ierland geïnteresseer. 'n Poging om die pagters verder te bekerm, deur die instelling

van 'n spesiale hof om te verseker dat geen grondbesitter onbillik hoë paggelde mag eis nie, het egter in die House of Lords doodgeloop, en die moord van lord Frederick Cavendish, minister vir Ierland, deur fanatiek Ierse nasionaliste in die Phoenix-Park in Dublin, het soveel verontwaardiging in Engeland veroorsaak, dat die liberale verplig was om hulle hand swaarder op Ierland te laat rus en streng wetgewing teen misdade daar te passeer. Dit het die Ierse lede in die parlement teen die regering verbitter, en onder hulle leier, Parnell, het hulle net vir een ding begin ywer — konstitusionele afskeiding van Engeland, „Home Rule.”

Vir Gladstone was dit ongelukkig dat hy deur omstandighede gedwing geword is om sy tyd en aandag vir 'n baie groot deel aan koloniale vraagstukke te bestee. Die rigting wat hy in verband daarmee geneig was om in te slaan, was nie een wat die Britse volk op die duur kon bevredig nie. Toe hy in 1881 en 1884 die Transvaalse onafhanklikheid herstel het, kon hy nog op die steun van 'n meerderheid van die kiesers reken, maar sy behandeling van aangeleenthede in die Egiptiese Soedan het sy val veroorsaak. Die Dubbel-Kontrole-stelsel in Egipte het tot 'n soort van nasionale vernet gelei, wat in 1882 op 'n opstand uitgeloop het. 'n Egiptiese offisier, Arabi Pasja, was die leier, en hy het daarin geslaag om die onderkoning te dwing om sy Europese raadgewers af te dank. Groot ekonomiese belange was op die spel, en selfs Engeland se beheer van die Suezkanaal kon deur 'n absoluut onafhanklike en vyandige Egipte in gevaar raak. Die Britse regering het besluit om in te gryp en het die Franse regering gevra om mee te doen. Die Franse was egter destyds so besiel met één gedagte, nl. om hulle op die Duitsers te wreek vir die oorlog van 1870 — 1871, dat hulle nie hulle kragte in ander rigtings wou verspil nie. Aan die revanche-idee het hulle hul belange in Egipte opgeoffer. Die Britse vloot bombardeer toe vir Alexandrië, en 'n leër onder sir Garnet Wolseley ruk teen Kaïro op. Arabi Pasja het by Tel-el-Kebir 'n verpletterende neerlaag gely, en die onderkoning het hom weer aan Europese toesig onderwerp, maar nou was dit nie meer Engelse *en* Franse na wie hy moes luister nie. Die Dubbel-Kontrole was op 'n end, en die Engelse regeringsvertegenwoordiger in Egipte het die hoogste woord gevoer. Die Nyland was feitlik 'n Britse protektoraat.

Tot sover het dit met Gladstone voor die wind gegaan, wat betref sy inmenging in Egiptiese sake; maar die nuwe posisie daar het vir Engeland ook verdere verantwoordelikhede op die nek gebring. Die Soedan was veronderstel 'n provinsie

van die onderkoning te wees, en groot moeilikhede het daar gebroei. Die woestynstamme is deur 'n fanatieke Mohammedaanse leier, die Mahdi, opgesweep, en hulle was besig om die Soedan te verower. 'n Egiptiese leër onder Engelse leiding is deur die Mahdi se volgelingen uitgemoor, en eindelijk het feitlik slegs die hoofstad van die provinsie, Kartoem, in Egiptiese besit gebly. Die onderkoning soek toe steun by Engeland, en generaal Gordon word deur die Britse regering na die Soedan gestuur. Hy was 'n merkwaardige man, vroom en edel van karakter, maar baie eiesinnig en oplopend van geaardheid, 'n uitstekende soldaat, met 'n groot reputasie agter hom, 'n man wat plesier daarin gevind het om skynbaar hopelose ondernemings aan te durf, maar nie 'n man wat die neiging en aanleg besit het om bevele uit te voer, waarmee hy nie akkoord gegaan het nie. En met Gladstone se politiek ten opsigte van die Soedan was hy dit nie eens nie. Hy is daarheen gestuur om dit te ontruim, om die mense daar, wat aan die moordlus van die Mahdiste blootgestel was, te gaan haal en na Egipte te bring. In Khartoem aangekom, het hy maande lank daar getalm. Hy was nie geneig om voor die Mahdi te wyk en die Soedan aan sy wreedheid oor te laat nie. Eindelijk was sy terugtog afgesny, en hy het op versterkings gewag. Sou hulle opdaag? Sou Gladstone hom haas om 'n man, wat Engeland tot die besetting van die Soedan wou dwing, iets wat totaal in stryd was met sy bevele, te red. Gladstone het ook getalm, en eers toe dit te laat was, is Wolseley gelas om met 'n hulpekspediesie langs die Nyl op te ruk. In Januarie 1885 bereik hy Kartoem, maar die stad was reeds deur die Mahdi oorrompel, en in die slagting wat daarby plaasgevind het, is ook Gordon omgekom. 'n Storm van verontwaardiging het in Engeland losgebars, en Gladstone moes bedank.

§ 9. Beaconsfield en Gladstone verlaat die Toneel.

Lord Beaconsfield het in die tussentyd gesterf, en die leiding van sy party het op lord Salisbury oorgegaan. Gedurende 1885 was hy vir omtrent sewe maande eerste minister, maar die eleksie het teen die konserwatiewe beslis, en Gladstone is teruggeroep. Ook sy glorie het egter hierdie keer nie lank geduur nie. Hy was nou vas besluit om „Home Rule” aan Ierland te gee. Baie van sy volgelingen, onder die leiding van Joseph Chamberlain, wou hiervan nie hoor nie en het hul by die konserwatiewe aangesluit. Die gevolg was dat Salisbury in 1886 vir die tweede keer eerste minister geword het. Tot

1892 was die konserwatiewe nou weer aan die bewind. Sterk het hulle egter nie gestaan nie, en hulle kon dus ook nie veel uitvoer nie. Hulle belangrikste daad was miskien 'n wet van 1891, wat laer onderwys vry gemaak het.

Ook Gladstone, toe hy op sy ou dag in 1892 vir die vierde keer eerste minister geword het, kon nie veel tot stand bring nie. Die twee partye was nagenoeg ewe sterk, en vir kontensieuse wetgewing was daar nie veel kans op sukses nie. 'n Nuwe „Home Rule“-wetsontwerp is wel met behulp van die Ierse lede deur die „Commons“ aangeneem, maar die „Lords“ het dit verwerp. Hierop tree Gladstone uit die politiek, en die eerwaardige grysaard het sy laaste jare op sy pragtige landgoed, Hawarden Castle, gaan slyt. Lord Roseberry was sy opvolger as leier van die liberale. Hy was 'n uiters bekwame man, maar die vuur wat nog uit die donker oë van die „Grand Old Man“ op Hawarden gestraal het, was nie in hom nie. Die heldetyd was blykbaar verby, want ook Salisbury kon die leë plek van Disraeli nie heeltemal vul nie.

En tog het die Britse imperialisme gedurende die regeringstyd van die derde Salisbury-ministerie, wat in 1895 op die kussings gekom het, 'n hoogtepunt bereik wat selfs vir Disraeli sou bevredig het!

§ 10. Tien Jaar van Konserwatiewe Heerskappy.

By die eleksie van 1895 het die konserwatiewe 'n meerderheid van 153 oor die gesamentlike liberale en Iere in die parlement gekry. Hierdie groot omswaai was veral die gevolg van Gladstone se „Home Rule“-politiek en die afval van Chamberlain met sy aanhang. Dat so 'n sterk gesteunde regering sterk kon optree, is begrypplik, maar dat dit tien jaar aan die bewind gebly het, moet verklaar word. In die eerste plek moet dan daarop gewys word dat die algemeen geestelike en ekonomiese faktore wat tot die opkoms van die imperialisme bygedra het, eers teen die end van die eeu hulle grootste krag ontwikkel het. Die heersende wêreldbeskouing was oorweënd materialisties; die vooruitgang op wetenskaplike en tegniese gebied het ongekende moontlikhede in die rigting van industriële produksie, uitbreiding en oorlogvoering geopen; en die konsolidasie van kapitalistiese ondernemingslus in reusagtige maatskappye, wat vir kapitaalbelegging en om grondstowwe en marke te kry regerings beweeg het om nuwe lande in te palm, het kolossale afmetings aangeneem. Verder moet opgemerk word dat Engeland nie meer die enigste groot moondheid met oersese belange

was nie. Daar was nou, soos ons weldra sal sien, 'n hele aantal sulke moondhede, en die politieke en ekonomiese wedywer tussen hulle het geweldig geword. Vir die meeste van hulle was buitelandse politiek hoofsaak, en dis dus geen wonder dat die Britse volk nie aan die liberale, wat vir hulle swakheid in hierdie rigting berug was, die regering wou toevertrou nie. Eindelik moet ook persoonlike faktore in aanmerking geneem word. Die heldetyd was nie verby nie. Die nuwe helde het slegs 'n nuwe stempel gehad. Manne soos Chamberlain en Rhodes het veel daartoe bygedra om imperialisme populêr te maak. Hulle dra die kentekens van hulle tyd; hulle politiek is deur-en-deur materialisties; hulle lewer die bewys dat die grootindustrie en die geldmag die sterkste stootkrag aan die sogenaamde konserwatisme gee, en dat sy imperialisme iets totaal anders is as die van 'n eeu tevore; maar hulle was op slot van sake ook heldefigure, en soos alle helde het hulle geesdrif verwek en volgelinge gekry.

Hoe belangrik buitelandse en koloniale politiek in hierdie tyd geag is, blyk uit die feit dat Salisbury, die eerste minjster, die sterkste man in sy kabinet, Chamberlain, minister van kolonies gemaak en die portefeuille van buitelandse sake vir homself behou het. Daar het dan ook nuwe lewe in die oorsese bedrywigheid van die Britse regering gekom. 'n Man van uitstaande bekwaamheid, sir Evelyn Baring, die latere lord Cromer, is na Kairo gestuur, en onder sy toesig is die hele Egiptiese administrasie van die grond uit vernu en doeltreffend gemaak, en het die vrugbare Nylland, wat eeu-lank onder Turkse wabehoor aan agteruitgang prysgegee was, ekonomies verbasend vooruitgegaan. Ook die verydelde werk van Gordon is weer met krag aangepak. Generaal Kitchener is met 'n gemengde Britse en Egiptiese leër na die Soedan gestuur, en op 2 September 1898 het hy by Omdoerman die Mahdi se hordes met masjiengewere uitmekaar geskiet en die Soedan vir Engeland in besit geneem. Van 'n imperialistiese standpunt beskou, was dit die hoogste tyd vir die Britse regering om aan die Bo-Nyl aktief te word, want Frankryk het ook 'n begerige oog op die Soedan gehad. Van die weste uit het 'n Franse militêre ekspedisie onder kaptein Marchand die Nyl bereik en by Fasjoda die tricolor gehys. Kitchener het kort werk van hierdie aanspraak gemaak. Hy het Marchand laat verstaan dat daar nie meer vir Frankryk plek langs die Nyl was nie, en die Britse regering het hom gesteun. 'n Oomblik het dit na oorlog gelyk, maar Frankryk het dit verstandiger geag om terug te trek.

In die Verre Ooste was die Europese grootmagte baie aktief

IMPERIALISME VERSUS LIBERALISME.

in hierdie tyd, en Engeland was daarby nie agter nie. Die stoot tot hulle bedrywigheid het van Japan uitgegaan. Hierdie eilandryk, wat eeue-lank sy deure vir vreemdelinge gesluit gehou het en konstitusioneel en ekonomies nog op feodale, d.w.s. middeleeuse grondslag ingerig was, het skielik in die jare '70 'n moderne grootmag begin word. In 1868 het 'n rewolusie 'n end aan die opperheerskappy van die retrogressiewe militêre adellike kaste gemaak, en het die Mikado of keiser sy heersersmag teruggekry. Met die progressiewe elemente van sy volk het hy hom toe beywer om, met behoud van wat kragtig en skoon in die nasionale samelewing en verlede te vind was, die voordele van die Europese beskawing aan sy land te gee. Westerse leermeesters is ingevoer, en Japanese studente het in Europa en Amerika in universiteite, tegniese skole, handelse huise en fabriekes die kennis en kundighede van die westerlinge gaan aanleer. Die gevolg was dat Japan in één geslag die oorgang van die middeleeue tot die moderne tyd deurgemaak het. Die Japanese het hulle nasionale bewussyn in 'n versterkte vorm behou en hulle tradities bly hoogskat; hulle het hul eienaardige godsdiens, Sjintoïsme, wat 'n verering van die geeste van die voorouers is, behou; ook hulle agting vir die Mikado as 'n byna goddelike wese het eerder toegeneem as verflou; en hulle fyn ontwikkelde kunssmaak, wat aan hulle hele lewe 'n estetiese geur gee, het hulle nie opgeoffer nie; maar op wetenskaplike, tegniese, industriële en kommersiële gebied het hulle die vrugte van die Europese beskawing vir hulle toegeëien, en die Japanese mariene en leër is ook volgens die beste westerse modelle gemoderniseer.

Hierdie nuwe Japan het ook, om soortgelyke redes as die ander grootmagte, imperialisties geword en na uitbreiding gestreef, en wel in die rigting van Korea en aangrensende gebiede, lande waaroor Sjiena 'n aanspraak van opperheerskappy had. Die gevolg was 'n oorlog met Sjiena in 1894. Dit was kort en beslissend, en die uitslag het die wêreld verras. „Die Hemelse Keiserryk,” soos die Sjinese hulle land noem, was nog meer antikwaries as Japan voorheen was, en dus byna so weerloos teen die moderne oorlogstegniek as die volgelinge van die Mahdi, en moes 'n vernederende vrede met sy buurman sluit. Dit het gelyk asof Sjiena uiteen sou val, en die Europese moondhede het bygespring om ook hulle deel te kry en te voorkom dat Japan se buit te groot word. Laasgenoemde land het sy invloed in Korea behou; Rusland het in Port-Arthur 'n suidelike ysvry hawe aan die Pasiefiese kus gekry; Duitsland is met Kioutjou tevrede gestel; en Engeland het Wei-hai-wei inge-

palm om dit as vlootbasis te gebruik en om die doen en late van die Russe in Port-Arthur van naby te kan dophou. Salisbury en Chamberlain was op hul hoede. Nêrens sou Britse oorsese belange verwaarloos word nie, en Britse aansprake op uitbreiding sou in hulle sterk ondersteuners vind.

Die oorlog in Suid-Afrika teen die twee republieke is hiervan 'n verdere bewys, maar die geskiedenis daarvan kom later aan die orde. Ons moet voorlopig ons oorsig van die ontwikkeling van die Britse imperialisme afsluit. Die belangrikste uitings daarvan vorm die hoofinhoud van ons eie geskiedenis in hierdie tyd, en ons wil ons haas om weer na ons eie land terug te keer. Egter, die imperialisme as wêreldbeweging is nog nie genoegsaam verduidelik nie, en wat ander groot state in hierdie rigting gedaan het, vereis nog ons aandag. Uit die verhaal van hulle bedrywighede sal verder begryplik word, in watter maalstroom van internasionale wedywer ook Suid-Afrika na 1870 getrek is.

HOOFSTUK III.

GROEI VAN ITALIË, DUITSLAND EN DIE VERENIGDE STATE VAN NOORD-AMERIKA TOT GROOT MOONDHEDE.

§ 1. Frankryk bevorder die Italiaanse Eenheid.

Ons herinner ons dat daar in Italië en Duitsland sterk nasionale bewegings was, wat in albei lande aan die bestaande politieke verbokkeling 'n end wou maak. Die twee bewegings het 'n gemeenskaplike vyand, Oostenryk, gehad, en het as gevolg daarvan met mekaar in betrekking gestaan, maar daar was tussen hulle 'n groot verskil. Uit eie krag het die Duitsers eindelik die Duitse ryk gestig, terwyl die Italianers deurgaans en tot op die end buitelandse steun nodig had om hulle verenigde koninkryk tot stand te bring.

Lodewyk Napoleon, in 1852 as Napoleon III tot keiser van Frankryk uitgeroep, het 'n swaar taak aanvaar. Hy het belowe dat hy vrede aan sy land sou gee, maar daarby het hy, nes sy groot naamgenoot in sy tyd, gevoel dat hy om staande te bly, ook roem vir Frankryk moes verwerf. Vir 'n outokratiese vors, soos hy was, is egter die kortste pad na roem dikwels die oorlogspad, en ofskoon Napoleon III se taamlik middelmatige bekwaamheid meer in die rigting van die diplomاسie as die krygskuns gelê het, was sy buitelandse politiek nie pasifisties nie. Van tyd tot tyd, het hy gemeen, moes hy die mantel van sy oom omslaan en as sentrale figuur onder die gebieders van die wêreld in buitelandse aangeleenthede ingryp. Hy het daarby natuurlik ook die werklike belange van Frankryk probeer bevorder, maar die wens om sy volk en ander nasies onder die indruk van sy Napoléontiese grootheid te bring en te hou, het hom sterk beïnvloed. Hy het die keiserlike tradiesie in Frankryk in 'n verswakte vorm voortgesit. Duitsland moes verbokkel gehou en Oostenryk verswak word, om die veiligheid en mag van Frankryk te verseker en te verhoog; en om dieselfde rede moes Russiese uitbreiding na die suide toe teengegaan word.

Lodewyk Napoleon se aansporing tot en deelname aan die Krimoorlog hoef nie verder verklaar te word nie, en dis ook nie nodig om weer die verloop daarvan te beskrywe nie. Ons wil egter net daarop wys dat die Franse keiser by die vredesonderhandelings, wat in Parys onder sy voorsitterskap gevoer is, sy strewe om 'n indrukwekkende figuur te slaan verwesenlik het. Sy prestige in Europa was groot, en daar was alle rede om te dink dat Frankryk onder sy leiding 'n nuwe glorietydperk ingegaan het. Sy posisie in Frankryk was besonder sterk. By die Rooms-Katolieke priesters, wat as gevolg van die romantiese reaksie gedurende die eerste helfte van die eeu veel invloed onder die volk verwerf het, was hy baie populêr, omdat hy hom as 'n getroue ondersteuner van die Kerk opgewerp het. Ook die industriële elemente en die geldmag was aan sy kant, omdat dit sy politiek was om die industriële en kommersiële belange van Frankryk te bevorder. Die groot Paryse wêreld-tentoonstelling van 1855 was 'n teken hiervan. Selfs onder die arbeiders van die hoofstad het hy 'n aansienlike aanhang gekry. Dat hy hulle lot verbeter het, kon nie ontken word nie, want sy bouprogram, wat bedoel was om Parys bo alle ander stede in skoonheid te laat uitblink, het op groot skaal werk aan hulle verskaf. Of Lodewyk Napoleon ook inderdaad so 'n versekerde posisie in Frankryk had, as skynbaar die geval was, en of die welvaart en glorie wat die opgaande keiserlike son aan die land gegee het, van blywende aard sou blyk te wees, moes die tyd wel nog leer. Die grootste geeste van Frankryk het sake nie vertrou nie. Die heersende spekulasiegeestes het onder dié wat dieper kon sien, onrus verwek; Emile Zola het in sy romans taferele van die sedelike agteruitgang van die burgerstand geskilder, wat tot nadink moes stem; en manne soos Thiers en Guizot kon onder die leiers van die antikeiserlike partye aangetref word. Voorlopig egter het Lodewyk Napoleon baie sterk gestaan, en hy kon sy neiging om in buitelandse aangeleenthede in te gryp verder botvier.

By die Vrede van Parys na die Krimoorlog, het Cavour, eerste minister en gesant van koning Viktor Emanuel van Sardienië, die indruk gekry dat die Italiaanse nasionaliste in hulle stryd teen Oostenryk om die besit van Noord-Italië op Franse steun sou kon reken. Lodewyk Napoleon was aan die een kant begerig om hulle te help, maar die Italiaanse eenheidsbeweging was nie alleen teen Oostenryk nie, maar ook teen die wêreldlike mag van die pous gerig, en die keiser was bang dat as hy Cavour te ver help, hy die pous teen hom sou kry en as gevolg die steun van die Kerk in Frankryk kon verloor.

Hy het dus getalm, totdat die Italiaanse nasionaliste begin dink het dat hy hulle in die steek sou laat, en een van hulle, Orsini, het in Januarie 1858, toe Lodewyk Napoleon met sy vrou, keiserin Eugène, na die operahuis ry, 'n bom na hulle rytuig geslinger. Die keiserlike egpaar is gelukkig nie getref nie, maar dit wil skyn asof die mislukte aanslag tog in so ver 'n sukses was, dat dit vir Lodewyk Napoleon laat besluit het om die Italianers nie langer teleur te stel nie. Hy het in elk geval in Julie 1858 by Plombières in die Vogese 'n geheime samekoms met Cavour gehad, en daar is ooreengekom dat Frankryk vir Sardinië sal help om die Oostenrykers uit Lombardye en Venesië te drywe, onder voorwaarde dat Viktor Emanuel sy twee provinsies, Savoie en Nissa, aan Lodewyk Napoleon sou afstaan. Minder as 'n jaar later het die oorlog uitgebreek. 'n Gekombineerde Franse en Sardiniese leër trek Lombardye in en verslaan by Magenta en Solferino (4 en 24 Junie 1859), met behulp van die nuwe draailooppgeweer (rifflie), die Oostenrykers so beslissend, dat die end van hulle heerskappy in Noord-Italië dadelik kon gevolg het. Lodewyk Napoleon het egter, uit vrees dat die sukses van Viktor Emanuel te groot kon word en die pous in ongeleentheid kon bring, die Italiaanse nasionaliste nou weer in die steek gelaat. Hy ontmoet die Oostenrykse keiser, Frans Josef, by Villafranca en spreek met hom af dat hy Venesië mag behou. Daarop volg toe in November 1859 die vrede van Zurich, waarby slegs Lombardye aan Sardinië afgestaan is. Cavour was natuurlik bitter teleurgestel met die omswaai van Lodewyk Napoleon, maar hy moes berus in wat die twee keisers besluit het, en hy moes ook sonder verset toesien, dat sy ontroue bondgenoot vir halwe werk sy hele loon kry en Savoie en Nissa by Frankryk inlyf. Hy het egter sy verontwaardiging oor die gemaakte reëling duidelik getoon deur te bedank.

Lodewyk Napoleon het as uitgesproke kampioen van die sogenaamde nasionaliteits-prinsiep in Italië ingegryp. Sy handelwyse na Solferino het getoon dat sy idealistiese grootpraterij in hierdie rigting nie te ernstig moes opgevat word nie; maar nes sy groot voorganger moes hy nou ondervind dat die nasionale beweging, wat hy help wakker maak en versterk het, nie deur keiserlike besluite aan bande kon gelê word nie. Die Oostenrykse neerlae het Jong-Italië tot verdere aksie aangevuur, en so groot was die nasionale geesdrif in Toskane, Modena en Parma, dat die regerings van hierdie staatjies gedwing is om hulle ook onder Viktor Emanuel se gesag te stel. Cavour het hierop opnuut moed gevat, en in Januarie 1860 tree hy weer

in die ministerie. Dit was gelukkig vir die Italiaanse saak dat hy dit gedoen het, want ontwikkelings in Suid-Italië, wat kort hierop gevolg het, het 'n baie verstandige optree vir Viktor Emanuel se regering nodig gemaak. Die nasionale beweging het ook hier groot vordering gemaak, maar daar was gevaarlike klippe wat vermy moes word, en geesdriftige heethoofde kon veel tot stand bring, maar kon ook alles bederwe.

So 'n heethoof, weet ons, was Garibaldi. Met sy beroemde skaar van 1,000 vrywilligers land hy in Mei 1860 in Sisielië. Onder die indruk van die nasionale geesdrif en moeg van die swak regering van koning Frans II van Napels, het die hele bevolking van die eiland Garibaldi se kant gekies, en met 'n aansienlik versterkte mak treg hy na Napels oor. Lodewyk Napoleon was baie begaan oor wat nog met die pous kon gebeur en versoek Cavour om vir Garibaldi te keer. Die Sardieniese regering, wat sake in Suid-Italië tot op 'n sekere punt hulle gang wou laat gaan, en met wie se medewete Garibaldi se tog na Sisielië onderneem is, het hom, miskien nie baie ernstig nie, beveel om sy hande van Suid-Italië af te hou. Hy het hom egter hieraan nie gesteur nie, en in September 1860 was ook Napels in sy mag.

Nou moes Cavour vinnig en sterk handel om te verhoed dat die saak van die Italiaanse eenheid miskien weer 'n nekslag kry. In Garibaldi se sukses het groot gevare geskuil. Hy het op Rome gemik, en die tyd vir die besetting van die Ewige Stad was nog nie ryp nie. Dit sou vir Lodewyk Napoleon in groot ongeleentheid bring, en die Sardieniese regering was geensins is so 'n sterk posisie, dat hulle sy wense kon negeer nie. Meer onruswekkend nog was die republikeinse gesindheid van Garibaldi en baie van sy volgelinge. Onder hulle was b.v. Mazzini, wat gehoop het om eindelijk die enddoel van sy lewe van stryd, 'n Italiaanse republiek met Rome as sentrum, bereik te sien. Die stigting van so 'n republiek sou natuurlik direk in stryd met die belange van Viktor Emanuel se konstitusionele monargie wees, en daar was dus groot gevaar dat daar 'n noodlottige skeuring in die nasionale geleedere kon kom. Daar was net een uitweg: Viktor Emanuel moes onmiddellik ook in Middel- en Suid-Italië as die groot nasionale redder en leier verskyn en die gang van sake daar uit Garibaldi se hande neem. Lodewyk Napoleon het hiermee volkome akkoord gegaan; „Maak gou!” het hy laat weet; en in September 1860 trek Viktor Emanuel met sy leër deur die pouslike gebied na die suide toe. Die pous kon die skending van sy wêreldlike mag nie duld nie en het 'n leër teen die Sardiniërs gestuur, maar

by Castelfidardo is dit verslaan, en Viktor Emanuel ruk op Napels af. Wat sou Garibaldi nou doen? Sou hy gewillig wees om sy republikeinse ideaal in belang van die nasionale saak prys te gee? Hy het groot genoeg geblyk om hierdie offer te bring, en die stigting van die koninkryk Italië onder koning Viktor Emanuel kon volg. Rome is nog aan die pous oorgelaat en om sy goeie wil te betoon en die guns van die Kerk te behou, het Lodewyk Napoleon 'n Franse garnisoen daar geplaas om sy geestelike opperheer teen verdere aanvalle te beskerm; Venesië het Oostenrykse gebied gebly; maar vir die res was Italië nou onder een vors en konstitusionele regering verenig. In Maart 1861 het die eerste algemene Italiaanse parlement in Turyn, wat 'n tydlang die koninklike hoofstad sou wees, vergader. Cavour het hierdie verwesenliking van so 'n groot deel van sy lewensideaal nog beleef, maar die totale vervulling daarvan, die insluiting van Rome en Venesië in die koninkryk Italië, het hy nie aanskou nie, want in Junie 1861 het hy gesterf.

§ 2. Bismarck begin sy Werk.

Ons herinner ons hoe die konstitusionele pogings van die liberale Duitse nasionaliste om Duitsland te verenig op mislukking uitgeloop het, en dat die sterkste eenheidsband wat die eerste helfte van die eeu daar opgelewer het, nl. die Zollverein, 'n skepping was, nie van die nasionale volksbeweging nie, maar van Pruisiese regeringsbeamptes. Op hierdie basis is die Duitse eenheid ook verder tot stand gebring. Dit was grotendeels die werk van die Pruisiese regering. Toe dit later aan almal duidelik was dat die politiek van die koning van Pruise en sy raadgewers die enigste praktiese moontlikheid tot die vereniging van die Duitse state bied, het die liberale nasionaliste ook eindelik bygespring en die werklike rykstigters geesdriftig gehelp, maar vir 'n lang tyd het die liberale volksparty selfs in Pruise die doen en late van die regering met suspesie betrag en somtyds ook bitter aangeval. Hulle teenkating was heeltemal natuurlik. Pruise was 'n staat met 'n verouderde outokratiese regeringstelsel. Die koning het die uitvoerende mag nog vas in sy hand gehad; sy ministers was aan hom, en nie aan die wetgewende liggame nie, verantwoording skuldig; en selfs hierdie liggame wou of kon nie veer doen om die koninklike mag in te kort nie. Die „Herrenhaus" was uit die adel saamgestel en vanself geneig om by die koning te staan, en onder die gekose afgevaardigdes van die laer huis, wat volgens verouderde kieswette uit verteenwoordigers van die bemiddelste klasse bestaan het, het die liberale wel 'n meerderheid